# *Bylae tot „Koers" April 1953.*

## DIE „SUIWER-WETENSKAPLIKE" VERSUS DIE „CHRISTELIK-NORMATIEWE" SIENING VAN DIE AARD EN OMVANG VAN DIE EKONOMIESE WETENSKAP

**(Inougurele rede by die aanvaarding van die professoraat in die Ekonomie aan die P.U. vir C.H.O., 25 Februarie 1953)**

### 1. Inleiding.

Ter inleiding wil ons die vraag beantwoord of ons as vakwetenskaplikes wat vandag, d.w.s. nadat ons vakke reeds 'n paar eeue van bestaan agter die rug het, nog ons tyd en aandag aan 'n besinning oor die aard en omvang van die betrokke vakke gee, ons nie skuldig maak aan 'n betreurenswaardige tydverspilling nie.

Menigeen sien dan ook in die verskyning van verhandelinge oor die objek, taak en werkwyse van 'n wetenskap die eerste tekens van verval van die betrokke wetenskap of ten minste 'n betreurenswaardige tydverspilling. Daar word deur sulke persone die mening uitgespreek dat dit baie beter sou wees om alle kragte saam te trek op die versameling van materiaal, die optrek en afwerk van die gebou van die teoretiese leerstellinge en die toepassing van die verkreë resultate op praktiese vraagstukke deur gebruikmaking van die tradisionele werkmetodes.

Dié metodologiese vasberadenheid uit sig dan ook verder in die **strewe na selfstandigheid en onafhanklikheid ten opsigte van aangrensende studievelde.** Volgens prof. van der Kooy kan ons die geskiedenis van die ekonomie dan ook beskou as 'n geleidelike **proses tot suiwering** van die ekonomiese wetenskap van psigologiese, historiese, politieke, juridiese, sosiologiese en ander buite-ekonomiese elemente. Die ekonoom duld geen uitsprake van ander wetenskappe op sy gebied nie, en omgekeerd ag hy homself allermins bevoeg om as psigoloog, moralis, politikus, kultuur–sosioloog, of in watter hoedanigheid anders as die van die ekonoom op te tree. Die hoogste strewe van die wetenskap gedurende die afgelope honderde jare was dan ook gerig op die bevryding van sosiale, politieke, sedelike en godsdienstige vooringenomendheid. Die wetenskap streef na 'n verklaring van die kosmos,

die opspoor van bestaande reëlmatighede in die samehang van die feite d.m.v. verstandelike metodes. Geen vooropgesette mening, geen geloof mag daarby van invloed wees nie 1). Op die ekonomiese wetenskap toegepas beteken die strewe dan ook dat daar geen verband bestaan tussen die **ekonomiese wetenskap** en 'n **lewensbeskouing** nie. Of anders gestel: die terreine laat hulle volkome van mekaar skei, ja **moet** selfs geskei word. Die ekonomie as positiewe wetenskap moet gehul word in die serene gewaad van die fundamentele neutraliteit en die onkreukbaarheid van die **suiwer** wetenskap („pure science") 2).

Ons insiens hou die suiwer wetenskaplike, neutrale metodologiese siening van die ekonomie nie alleen groot gebreke in nie, maar ook groot gevare. Die geskiedenis van die ekonomie bewys hoedat 'n onvoldoende besinning op metode en uitgangspunt die denke menigmaal op dwaalspore gelei het 'n Voortdurende besinning oor die taak en omvang van die ekonomiese wetenskap sal dus nie alleen geen tydsverspilling beteken nie, maar dit het 'n dringende noodsaaklikheid geword. Stelling moet ingeneem word teen die „waardevrye", die sogenaamde positiewe, suiwer-wetenskaplike, werklikheidsgerigte beoefening van die ekonomie, omdat, net soos die sekularisasie die eenheid van die kultuur verlore laat gaan het, het die wetenskap wat uiteengeval het in 'n lang reeks van outonome vakwetenskappe waarin spesialisasie hoogty vier, **die samehang van die geheel verbreek.** Die wetenskap het die slaaf van die feite geword. Dit buig voor die aspek van die werklikheid wat dit as kenobjek uitgekies het, nadat daaruit sorgvuldig alle ander elemente as „nie ter sake nie" verwyder is. **Die transendente geheel van wette en norme wat die sin en die universele samehang van die werklikheid fundeer, word as „onkenbaar" vir die wetenskaplike denke tersyde geskuif.** Na die oorsprong, wese en doel van die verskynsels word geen ondersoek ingestel nie. Daar word slegs ywerig gesoek na reëlmatighede wat binne die gekose vlak voorkom; daarop word met groot behoedsaamheid veronderstellenderwys formele stellinge gebaseer en by voorkeur slegs die wat betrekking het op die kwantitiewe relasies tussen die verskynsels. Riglyne vir praktiese optrede word selde gegee as gevolg van die ontbreking van die sintetiese denke; op sy beste word die alternatiewe konsekwensies van verskillende moontlike gedragslyne aangegee.

Tereg wys prof. van der Kooy op so 'n teffende wyse daarop dat by alle spesialisasie tog rekening gehou moet word met die **eenheid** van die werklikheid, sodat die aandag nie eensydig deur 'n bepaalde aspek geabsorbeer word nie. Naas die strewe na objektiwiteit moet die bestaan van 'n hoëre wetmatigheid en normatiwiteit waarvan die kennis deur goddelike

openbaring tot ons mense deurdring nooit uit die oog verloor word nie. Saamgevat beteken dit dat, by alle abstraksie, die wetenskap tog **universeel en prinsipieel moet bly,** 3). en wel **prinsipieel** omdat, in die woorde van prof. van der Kooy, „naar mijn overtuiging **ten diepste** de in het wetenschappelijke aangenome houding, evenals trouwens de gehele cultuur- en levenshouding van de mens, op een religieuse houding berust ja, van religieuse aard is" 4). Die gedagte van die prioriteit van die religieuse gee 'n sleutel tot die begrype van die groot samehang. Nie die saaklike relasies, die instellinge, die masjiene, die massa, die organisasie bepaal die lot wat hom oor die beskawing voltrek **nie**. Beslissend is die **wyse** waarop die mens reageer op sy lewensnood, hoe hy sy ideale (doelstellinge) kies en sy middele aanwend. Die reorganisering het nie deur outonome kragte van tegniek en organisasie tot proletarisering van die massa gelei nie, maar dit is die gevolg van die onversadigbare honger na rentabiliteit, deur die absolutering van die ekonomiese goed. In die visie lê die troosryke gedagte opgesluit dat die geestelike vernuwing kan lei tot verandering in die ekonomiese lewe. Daar moet egter hier reeds gewaarsku word dat 'n konkrete sosiale, ekonomiese of politieke program nooit die pretensie moet voer dat dit op **eksklusiewe wyse** met die Christelike geloof in verband gebring kan word nie. Maar wel kan en moet volgehou word dat dit moontlik is om vanuit 'n Christelike standpunt **riglyne of beginsels** aan te gee vir die menslike lewe in al sy fasette en sektore. Die Christelike wetenskapsbeoefening, en daarom ook die Christelike ekonomiese wetenskapsbeoefening, het hier 'n belangrike taak, wil die wetenskap haar Goddelikroeping teenoor die mensheid vervul 5).

In die lig van ons inleidende opmerkinge sien ons dat daar in hoofsaak twee uiteenlopende standpunte is, wat ons kan tipeer as die **„suiwer-wetenskaplike"** versus die **„Christelike-normatiewe"** standpunt. Op hierdie twee uiteenlopende standpunte sal ons agtereenvolgens nader ingaan.

## 2. Die „Suiwer-Wetenskaplike" siening van die aard en omvang van die Ekonomiese Wetenskap.

Daar bestaan vandag 'n wydverbreide verwarring t.o.v. die aard en omvang van die ekonomie. Daar bestaan 'n meningsverskil en selfs vaagheid oor die vraag of die ekonomie hom besig hou met die **„werklike"** („actual") of die **„ideale"** („ideal"), dit wat **„is"** of ook met dit wat **„behoort te wees"**; moet dit slegs „teoreties" of ook „prakties" wees, is ekonomie 'n „eksakte" of 'n „normatiewe" wetenskap; is dit 'n wetenskap wat te doen het met „feite" of „norme"; verklaar dit „empiriese verskynsels" of gee dit 'n „waardering" daarvan; is dit 'n „positiewe" of „normatiewe" wetenskap; of, waar dit allereers op aankom: **is etiese norme en waarderinge vir die eko-**

**nomie data, of is dit elemente van die ekonomiese wetenskap self?** Misverstand oor die genoemde teenstellings het gelei tot misverstand oor die ekonomiese waarhede self, met die onvermydelike gevolg dat die invloed en gesag van die ekonomiese wetenskap ondermyn is.

Aan eersgenoemde standpunte in die bogenoemde teëstellings, (wat ons kortliks die „suiwer-wetenskaplike" standpunt sal noem) gee ons en eerstens aandag.

Die standpunt het 'n lang ontwikkelingsgeskiedenis agter die rug en is skynbaar ook die standpunt wat deur die meeste ekonome vandag as die juiste aanvaar word 6).

Hierdie ontwikkelingsgeskiedenis sal ons in twee periodes behandel en dit kan getipeer word as:

I. Die „Welvaarts-ekonomie", en

II. Die „Skaarste-ekonomie".

**I. Die „Welvaarts-ekonomie".**

Reeds sover terug as die middel van die 18de eeu het skrywers soos Cantillon en Quesnay ingesien dat die ekonomiese lewe georden word deur wette wat 'n sistematiese geheel vorm 7). Die Phisiokrate, van wie Quesnay die hoof was, het ekonomie beskou as die wetenskap van die natuurreg toegepas op die beskaafde maatskappy 8). Hulle ondersoek was gesentreer op die redelike handeling van die mens as individu. In die individuele standpunt van die individu lê die sleutel verborge wat 'n verklaring kan gee van die maatskaplike gebeurtenisse. Hieraan lê die veronderstelling ten grondslag dat daar 'n op die rede gebaseerde natuurlike orde van dinge sou wees. Deur die Phisiokrate word die verband tussen Deïsme en die ekonomiese wetenskap dan ook nog duidelik aan die lig gebring. Die teologie van die Deïsme leer dat die wêreld deur God geskape is as 'n volmaakte meganisme wat homself reguleer sonder dat die Skepper daarby verder hoef in te gryp, en hieruit volg dat die ekonomiese verloop ook sal plaasvind aan die hand van die inherente wette waarby enige ingryping ongewens, ja onmoontlik is, aangesien die enige natuurkundige wetmatigheid („odre naturel") haar eie beloop moet hê. Die leuse van die ekonomiese denke was dan ook: „Laissez faire, laissez passer: le monde va de luimême". So skryf Quesnay in sy Droit Naturel: „Alle menzen, alle menschlijke machten moeten onderworpen zijn aan deze souvereine wetten welke door het Opperwezen zijn ingevoerd. Ze zijn onveranderlijk, onweerstaan-

baar, de best mogelijke wetten, daarom zijn zij ook de grondslag der meest volmaakte regering ,de grondregel voor alle positieve wetten" 9).

Hierdie **a-Calvinistiese** karakter van die wetsidee, wat in die ekonomie gelei het tot die bekende laissez-faire, laissez-passer slagspreuk, kan deur ons as gelowiges natuurlik nie aanvaar word nie 10). Wemelsfelder wys daarop dat vanuit die Deïstiese gedagte-wêreld dit ook maar 'n klein stappie verder is om die verband tussen die ekonomiese wetenskap en lewensbeskouing heeltemal te minag. Immers, hoe oortuig die mens ook al mag gewees het van die strenge wetmatigheid van die ekonomiese lewe, het die Deïstiese gedagte nog altyd bo en buite die streng logiese bewysvorm gebly. M.a.w., die Deïsme kan geëlimineer word sonder om die teorie aan te raak. Hiermee is dan ook volgens Wemelsfelder **„de eerste stappen op weg naar het heilig bouwwerk der neutraliteit gezet"** 11). De Jong wys verder daarop dat, al het daar by die Phisiokrate in feite geen grens tussen sosiale wetenskappe en teologie bestaan nie, die skeiding tog in beginsel reeds deur Pufendorf getrek is. Sy leerling Hutcheson, hoogleraar te Glasgow, het egter die konsekwensie deurgetrek en het sy idee op sy beurt voortgeplant op sy leerling Adam Smith 12).

Smith wou die Deïstiese trekke soveel moontlik uit die ekonomie weer en veral om twee redes:

(i) Die Deïsme is uiteraard van dogmaties-Christelike sy bestry, en

(ii) in 1755 het 'n aardbewing, wat die stad Lissabon verwoes het, baie in Europa laat begin twyfel aan die volmaaktheid en doelmatigheid van die inrigting van die wêreld: die onverskilligheid waarmee die natuur met menselewens en menslike waardes speel, het meer gepleit vir die bestaan van die blinde noodlot as vir 'n teologiese inrigting van die Kosmos.

Op Adam Smith het die Deïstiese trekke van die phisiokratiese leer dan ook weinig indruk gemaak. Eerder het hy die neiging gehad om, in navolging van sy leermeester Hutcheson, die teologie buite die ekonomie te hou. L. M. Fraser sê in die verband: „Adam Smith **notoriously** regarded the subject of political Economy as the nature and causes of the wealth of nations, and many economists since his time have defined their subject as comprising the production, exchange and distribution, or the production, distribution and consumption, or the creation and use of wealth" 13). Volgens Smith was maksimum voortbringing van goedere gelyk aan die hoogs moontlike welvaart van die mens. Geinspireerd deur die gedagtegang van Mandeville 14). bou Smith sy beroemde teorie van die „invisible hand" op. Hy skryf:

Aangesien elke individu daarna streef om, soveel as wat hy maar kan, sy kapitaal te gebruik om die binnelandse industrie te versorg en die industrie sodanig te lei dat die produk daarvan 'n so groot moontlike waarde sal kry, werk elke individu noodsaaklikerwys mee aan die vergroting van die jaarlikse inkome van die maatskappy. In feite het hy gewoonlik nooit die bedoeling om die algemene belang te bevorder nie, en hy weet ook nie in hoeverre hy dit bevredig nie. Ook is dit nie altyd sleg vir die maatskappy dat hy die bedoeling nie gehad het nie. Deur sy eie belang na te jaag, bevorder hy die gemeenskapsbelang dikwels op effektiewer wyse as wanneer hy werklik die bedoeling gehad het om die gemeenskapbelang te bevorder 15).

Smith se boodskap het in die vrugbare aarde van die industriële rewolusie geval. Hy het dan ook aan die entrepreneur meer gegee as 'n teoretiese basis waarop hy sy rasionele optrede kon bou; hy het ook aan hom 'n nuwe lewens- en wêreldbeskouing gegee. Die ontwikkelde denkbeelde, passende in die gangbare wysbegeerte, het aan die industriële leiers die idee gegee dat hulle handelinge die hoogste belang vir die **gemeenskap** beteken. Vantevore het hulle slegs met die oog op persoonlike wins gewerk; nou raak hulle onder die besef dat hulle deur hulle leiding ook die gemeenskap dien. Of in die woorde van dr. J. Ridder: „Zij werden weldoeners der menscheid. En om dat besef te verkrijgen behoefden sij hun levenswijze niet te veranderen of hun bedrijfsleiding te wijzigen. Integendeel, het eigen belang dat hen tot dusver had gedreven was een kracht van hooge orde, welke hen geschonken was eneinde het aardsch geluk hunner medemenschen te kunnen bevorderen.

Het eigenbelang word een maatschappelijke deugd" 16).

Nieteenstaande Adam Smith se siening op die ekonomie as „a science of wealth", kan ons sy opvattinge nie bestempel as 'n „suiwer-wetenskaplike siening" nie. In die verband sê Wemelsfelder: „Smith geeft (dus) eigenlijk noch een direct Deïsme noch een zuivere science". De neutralisatie heeft dan ook by hem z'n hoogtepunt nog niet bereikt. Dit blijkt wel uit het feit dat positieve en normatieve elementen in zijn werk volkomen ongesepareerd over elkaar heen liggen geschoven" 17). Adam Smith het ook, nieteenstaande sy groot bydrae tot die ekonomie, geen skool gestig nie. Dit was **Ricardo** wat die ortodokse Klassieke skool gestig het. Waar Adam Smith nog nie sy ekonomiese teorie volkome van die etiese fundering geskei het nie, het Ricardo nêrens die etiese en politieke grondslae 'n rol laat speel nie. Volgens Ricardo was die ekonomie nie soseer die wetenskap wat gesoek het na 'n verklaring van die **ontstaan** van die welvaart—soos Smith geleer het— nie, maar eerder was die ekonomie die wetenskap wat die wette nagestreef het wat die **verdeling** beheers van die in die maatskappy gepro-

duseerde goedere, m.a.w. van die inkome. Hy het dan ook meer inhoud aan die begrip „rasioneel handel" gegee onder invloed van Bentham se hedonisme. Laasgenoemde het in sy **Introduction to the Principles of Morals and Legislation** (1789) 'n hedonisme geskep wat hom van die hellenistiese, meer etiesgetinte hedonisme onderskei het deur sy sterk intellektualistiese karakter. Sy psigologiese teorie van „pain and pleasure" leer dat die mens slegs voortgedryf word deur twee motiewe, nl. die nastrewe van lus en die ontvlugting van onlus. Die primitiewe psigologiese het vir hom gedien as basis vir die etiek van die utilisme; 'n handeling is eties des te meer „goed" namate dit meer geluk ten gevolge het en namate die aantal mense wat in die geluk deel, groter is. Die etiese ideaal is dan: „the greatest happiness of the greatest number" (Windelband, op cit, p. 42a). Dit lê dan ook voor die hand dat die mens moes poog om die geluk **kwantitatief** te bepaal, d.w.s. om die **welvaart te maksimaliseer;** of anders gestel, daar moet **rasioneel gehandel** word. Ricardo voer in feite dan ook die veronderstelling in dat die vryer, intellektuele, heldersiende mens in sy ekonomiese handeling altyd sal streef na 'n so groot moontlik persoonlike voordeel 18).

Die leer van Ricardo is weer oorgeneem deur die groot filosoof en eko-oom, **John Stuart Mill.** Die redenering was nou vir die ekonomie in wese heel eenvoudig. Dit is rasioneel om so te handel dat die mens soveel nut („utility") verkry teen 'n so geringe moontlike offer („disutility"), en dit doen elke mens dan ook van nature. Aangesien daardeur elke individuele mens so gelukkig moontlik word en die maatskappy tog slegs 'n optelsom van individue is, sal die **maatskaplike welvaart en daarmee ook die maatskaplike geluk** so groot moontlik word. Hieruit volg tewens dat die rasionele handeling eties goed is 19). Hierdie positiveringsresep van Mill is, religieus gesien, vir ons natuurlik onaanvaarbaar, aangesien dit uitgaan van die gedagte dat wat alle mense aangenaam en goed vind ook goed **is,** en dat hoe nader die grootste gemene deler van die verlange benader word, hoe nader ons aan die waarheid staan. De Jong wys daarop dat 'n tipiese uitbou van die opvatting van Mill gevind word in die klassieke **„homo oeconomicus",** waaronder die klassieke ekonome verstaan: 'n mens wat hom uitsluitend laat lei deur sy egoïstiese sug na geldwins en daarby 'n soort refleks-outomaat is. Die rasionele handeling word hier duidelik beperk tot die nastrewe van 'n maksimale geldwins, en die tipiese geaardheid van die menslike natuur maak dit maklik begryplik waarom daar ekonomiese wette bestaan. Immers, hier word uitgegaan van slegs een motief waardeur die mens hom laat lei, en daarby word aangeneem dat die mens onder dieselfde uiterlike omstandighede altyd weer op dieselfde wyse sal reageer 20).

J. S. Mill 21) en N. W. Senior 22) was die eerste Engelse ekonome wat definitiewe **beginsels** neergelê het vir die ekonomiese wetenskap. Die probleme is in meer besonderhede bespreek deur J. E. Cairnes 23) en Bagehot 24). Alhoewel daar kleinere verskille aangetref word t.o.v. die beginsels waarvan die vier skrywers respektiewelik uitgegaan het, het hulle saamgestem dat die ekonomie gesien moet word as 'n wetenskap wat in sy omvang positief is, onderskei moet word van die etiese en praktiese en in sy metode abstrak en deduktief is. Kort saamgevat hou die genoemde ekonome se gedagtes oor die ekonomie die volgende punte in 25):

(i) In die eerste plek is daar 'n skerp lyn getrek tussen die ekonomie self en die praktiese toepassing daarvan. Die funksie van die ekonomie is om feite te ondersoek en om waarhede daaromtrent te ontdek, en nie om die „rules of life" voor te skryf nie. In die woorde van J. N. Keynes: „Political economy is, in other words ,a science, not an art or a department of ethical enquiry. It is described as standing neutral between competing social schemes. It furnishes information as to the probable consequences of given lines of action, but does not itself pass moral judgments, or pronounce what ought or what ought not to be. At the same time, the greatest value is attached to the practical applications of economic science; and it is agreed that the economist ought himself to turn his attention to them—not however in his character as a pure economist, but as a social philosopher, who, because he is an economist, is in possession of the necessary theoretical knowledge. It is held that if this distinction is drawn, the social and ethical aspects of practical problems—which may be of vital importance– are less likely to be overlooked 26".

(ii) Wat sy posisie teenoor die ander wetenskappe betref, word die ekonomie nie beskou as onverbreeklik gekoppel aan die sosiale filosofie in die algemeen nie. Alhoewel daar erken word dat ekonomiese feite beinvloed word deur 'n verskeidenheid van sosiale feite en op hulle beurt weer die sosiale beïnvloed, word daar tog volgehou met die mening dat dit tot 'n groot mate moontlik is „to isolate the study of the phenomena of wealth from the study of other phenomena of society. Such isolation is said to be necessitated by the requirements of science, which always proceeds by analysing concrete phenomena, so as to deal separately with their different aspects and the different elements of which they are composed. Economic science constitutes therefore a distinct, though not entirely independent, department of sociological speculation" 27).

(ii) Wat die metode betref waardeur tot die waarhede van die wetenskap deurgedring kan word, word die deduktiewe metode aanbeveel, of soos

Mill dit stel **a priori.** Alhoewel daar erken word dat daar baie omstandighede is wat meewerk om die ekonomiese gebeure saam te snoer, is daar tog„ a few whose influence is predominant, for outweighing that of all the rest. These predominating circumstances consists of a few simple and indisputable facts of human nature—as, for example, that **in their economic dealings men are influenced by the desire for wealth**—taken in connection with the physical properties of the soil, and man's physiological constitution. Political economy is accordingly spoken of as, in the main, an abstract science. For in basing its conclusions on a limited number of fundamental assumptions, it has to leave out of account many circumstances, which are of importance in individual cases, but are nevertheless unimportant when instances are taken in the mass. The other motives besides the desire for wealth do not operate on various occasions in determining men's economic activities is recognised. They are, however to be neglected—at any rate in the first instance—since their influence is irregular, and capricious. On these grounds, it is argued that the abstraction, whereby the science takes as its principal subject-matter an „economic man" (iemand wat „rasioneel handel" in die woorde van die Jong) **„whose activities are determined solely by the desire for wealth,** is both legitimate and necessary, and in further justification thereof, an analogy is drawn from mathematics and physics, which are said to be based upon corresponding abstraction" 28).

Wemelsfelder 29) wys daarop dat, met die verskyning van die geskrifte van Cairnes, J. S. Mill, Senior en J. N. Keynes (The Scope and Method of Political Economy, 1890), 'n selfstandige ekonomiese metodologie gebore is waardeur die neutraliteit, in die sin van die „suiwer-wetenskaplike" siening op die ekonomie, geproklameer en gepropageer is. Hy wys op twee belangrike faktore wat hiertoe bygedra het, t.w.:

(i) die ontwikkeling van die wysbegeerte, en

(ii) die ontwilleling binne die teorie self.

Die wysbegeerte was geheel en al onder die ban van die oorweldigende suksesse van die natuurkunde. Condorcet—tipiese simbool van sy tyd—het die triomf van die wetenskaplike denke voorspel. Hy is opgevolg deur Auguste Comte.

Die wetenskapsbegrip wat tot nou toe beperk gebly het tot die fisika en die biologie, begin ook tot ander terreine van die wetenskaplike denke uit te brei—o.a. ook tot die ekonomie. Inherent aan die „science"-begrip was die gedagte van 'n positief–normatiewe kontroverse, d.w.s. dit was nodig om 'n onderskeid te maak tussen 'n positiewe— 'n **wetenskaplike**—en 'n

**normatiewe**—'n **nie-wetenskaplike**—sy. Hierdie hoeksteen van die moderne gedagte het nou ook die hoeksteen van die ekonomiese metodologie geword.

Afgesien van die ontwikkeling op die gebied van die wysbegeerte was daar die ontwikkeling op die gebied van die **ekonomiese teorie** self. By Adam Smith bv. was daar nog geen sprake van die vermelde wetenskaplike skeiding nie, omdat:

(i) soos aangestip, die positivisme nog nie die invloed van Comte en Mill ondergaan het nie, en

(ii) in werke soos die „ Wealth of Nations" van Adam Smith en die „Principles" van Stuart die nadruk nog laat val is op die produksie.

Die probleme op hierdie terrein lê dan ook, normatief gesien, in 'n **objektiewe** sfeer. Die metodologiese indruk was hier in die eerste instansie 'n objektiewe. Geheel anders is dit wanneer daar ingegaan moes word op die probleem van die **verdeling** van die rykdomme. Hier speel die politieke element 'n groter rol en is die metodologiese indruk in die eerste instansie **subjektief.** Namate die teorie van die **„distribution"** meer en meer die aandag gevra het, soos bv. by Mill, neem die subjektief-politieke element toe en daarmee die behoefte aan 'n skeiding tussen positiewe en normatiewe elemente, tussen „Is" en „Ought", tussen „Sein" en „Sollen", tussen „Is" en „Behoort te wees". Daar is van die standpunt uitgegaan dat, indien ons 'n oordeel uitspreek oor: „hoe behoort dit te wees", ons die pad van die wetenskap verlaat het, want ons oordeel word nie gedra deur objektiewe harde feite nie, maar deur 'n subjektiewe insig wat nie met wetenskaplike kennis verenigbaar is nie; of soos Max Weber dit later uitgedruk het: dit staan op dieselfde niveau as die vraag „ob Blondinen den Brunetten vorzuzichen seien".

In die voorafgaande paragrawe is aandag gegee aan die **ontwikkeling** van die „suiwer-wetenskaplike" siening op die ekonomie as wetenskap. Aandag moet nog gegee word aan die **„aard en omvang"** van die wetenskap tot en met die belangrike werk van L. Robbins **„An Essay on the Nature and Significance of Economic Science"** in 1932. Myns insiens het daar, algemeen gesproke, na die verskyning van die werk van Robbins 'n radikale verandering ingetree in die opvatting oor die aard en omvang van die ekonomie. Die radikale verskil is later deur Hennipman duidelik aangetoon in sy skerpsinnige werk, **Economische Motief en Economische Principe.** Hennipman maak 'n onderskeid tussen „economisch motief" en „economisch principe" 30). Die ekonomiese motief is die **doel** van die handeling, terwyl die ekonomiese **prinsipe** (beginsel) die doelmatigheid van die handeling self is, dus die

gerigtheid van die handeling op die bereiking van die doel, wat die motief vir die handeling vorm. In die eerste stadium van ontwikkeling van die „suiwer wetenskaplike" siening op die ekonomie, is beide begrippe verenig; ook die doeleindes van die handeling, die motiewe dus, is op hul rasionaliteit beoordeel. Die nuwe ontwikkeling (na ongeveer die verskyning van Robbins se werk) bring egter mee dat die ekonomiese motief as 'n gegewe aanvaar word vir die ekonomiese teorie; die doeleindes van die handeling val nie binne die aard en omvang van die ekonomie nie. Die taak word oorgelaat aan die etiek. Die doeleindes van die handeling word beskou as opgesluit te lê in die subjektiewe waarderingsskaal van die individu; en subjektiewe waarderinge kan volgens die moderne insig nie op wetenskaplike wyse gewaardeer word nie.

Die verskil in opvatting kan ook, in navolging van L. M. Fraser, gekoppel word aan die begrippe „wealth" of „welfare" en „scarcity" respektiewelik 31).

Die doelstelling in die ekonomiese wetenskap, volgens die rykdomsopvatting, dateer sover terug as 1615, toe Monchretien ekonomie omskryf het as „die wetenskap om rykdom te bekom" 32). Later is die sienswyse veral deur die klassieke gehuldig en dit het tot uitdrukking gekom in die destydse gangbare omskrywing van die ekonomie as „ the science of wealth". Adam Smith het ook reeds in 1776 in sy „Wealth of Nations" as eindpunt van die ekonomiese handeling gesien die verwerwing van die „necessaries and conveniences of life". Met die verwerwing van die goedere (rykdom) is die ekonomiese doel ook bereik, soos bevestig deur Droz se definisie van die ekonomie, nl. „een wetenschap die zich ten doel stelt om de welvaart zoo algemeen mogelijk te maken" 33). Die omskrywing van die ekonomie as „die leer van die rykdom" het algemene byval bevind. So sê dr. B. D. H. Tellegen in 1868: „De volkshuishoudkunde is de leer van de rykdom" 34); de Bruijn Kops in 1873: „In korte woorden kan men zeggen: Staatshuishoudkunde is de leer van de rijkdom" 35); Cohen in 1903: „Het onderwerp, waarmee de Staathuishoudkunde zich bezig houdt, is de volkswelvaart" 36). J. S. Mill omskryf ekonomie as „the science relating to the moral or psychological laws of the production and distribution of wealth" 37). Ander Engelse ekonome het byna in dieselfde trant gevolg; Marshall, die groot Engelse ekonoom, sê in 1890 in sy **Principles of Ecconomics:** „Political economy or economics is a study of mankind in the ordinary business of life: it examines that part of individual and social action which is most closely connected with the attainment and with the use of the material requisites of well-being". As laaste voorbeeld kan ons nog noem die definisie van J. N. Keynes; hy sê: „Political economy, regarded as a positive science,

is often briefly defined as the science of the phenomena of wealth; and this definition has the merit of directness and simplicity. There seems, however, some advantage in attempting so to define the study as explicitly to indicate that it is not primarily concerned with either physical of psychological or political phenomena as such, but with phenomena that originate in the activity of human beings in thier social relations one with another. With the object of making this clear, political economy may be defined as the science which treats of the phenomena arising out of the economic activities of mankind in society".

Verdere ontleding van die belangrikste bestaande definisie is seker geregverdig.

In die **eerste plek word die ekonomie bestempel as 'n** „science". Wat die **inhoud** van die woord betref, verwys ek na die oorsig wat reeds gegee is van die „suiwer-wetenskaplike" opvatting, wat deur verskillende ekonome aanbeveel is. Samevattend kan ons hier net sê dat die ekonomiese wetenskap gesien is as 'n suiwer **positiewe** wetenskap en nie as **normatiewe** wetenskap nie. Daar word nie neergelê wat **behoort** gedoen te word nie; slegs wat **werklik gedoen word** verdien aandag.

In die **tweede plek** moet daarop gewys word dat die woord „wealth" (rykdom, welvaart) van sentrale belang geag is. Fraser wys daarop dat in die gewone spraakgebruik „wealth" in die eerste plek „riches" beteken, d.w.s. „an abundance of material possessions" 39). In hierdie opvatting is weer twee betekenisse aan die woord „wealth" gegee:

(a) die **materiele besittings** self—bv., as ons praat van die boer se rykdom, word dit aangedui as bestaande uit soveel morg grond, soveel vee, ens.,

(b) 'n **oorvloed** van enigiets, hetsy in die vorm van materiele besittings of immateriële besittings wat besit word of nie besit word nie.

Die gedagte van die oorvloed het egter in die ekonomie heeltemal op die agtergrond geraak of selfs heeltemal verdwyn. Die gevolg is dat, om Fraser se woorde te gebruik, „we may then understand wealth in the economic sense as consisting of all material and exchangeable means of satisfying human needs. And economics is the science which treats of their production and appropriation" 40).

Hieruit vloei voort dat die aard en omvang van die ekonomie ook in ander woorde gestel kan word, bv. as 'n studie van die „economic activities

of mankind in society" (J. N. Keynes), of as die „ekonomiese stelsel" of eenvoudig „om te ekonomiseer" omdat onder „ekonomie" verstaan word: „the community's equipment for the production and distribution of wealth"; 41) of in die woorde van J. N. Keynes: „economic activity may be defined as human activity which directs itself towards the production and appropriation of such means of satisfying human needs as are capable of being made the subject of exchange" 42).

Uit bogenoemde kan ons die belangrike gevolgtrekking maak dat deur middel van die „economic activities" goedere verwerf word en dat die **ekonomiese** doel daarmee ook bereik is; die behoeftebevredingings**middele** word as **doel** van die ekonomiese handeling beskou 43). Ook het die welvaartsekonomie hom slegs besig gehou met die menslike aktiwiteite wat gerig was op die verwerwing van **materiele welvaart** en veral met die welvaart in die betekenis van „iedere door het subject begeerde bevrediging waarbij deze **niet word beoordeeld,** dog als gegeven word aangenomen" 44).

Teen bogenoemde opvattings moet drie belangrike besware aangeteken word, t.w.:

Eerstens, die neutraliteit teenoor die doeleindes. Hier word die doeleindes wel nog omskryf (al is dit beperk tot die materiële welvaart), maar geen oordeel word uitgespreek of die doeleindes sedelik geregverdig kan word nie. Dit is natuurlik in ooreenstemming met die hele „suiwer-wetenskaplike" siening van die tydperk op die ekonomie, soos reeds volledig aangestip is. Daar mag alleen gewys word op wat **„is"** en nie wat **„behoort"** te wees nie; die **positiewe** standpunt word gehandhaaf teenoor die normatiewe; daar is alleen plek vir wat Hennipman later noem die ekonomiese **prinsipe** en nie vir die ekonomiese **motief** nie.

In die tweede plek moet beswaar aangeteken word teen die welvaartsopvatting wat die ekonomie byna uitsluitlik gekoppel het aan die **materiele** dinge. Welvaart word uitsluitlik omskryf in terme van materiële dinge, terwyl die „ekonomiese stelsel" aan ons voorgestel word as „the mechanism whereby physical objects are manufactured, transported, and exchanged" 45). So omskryf Senior rykdom as „all those things ,and those things only, which are transferable, are limited in supply, and are directly or indirectly productive of pleasure or preventive of pain" 46). J. S. Mill sê: „wealth is all objects useful or agreeabe lto mankind, except such as can be obtained in indefinite quantity without labour" 47). Vir Cairnes bestaan rykdom uit „material objects" 48). J. N. Keynes sê: „Wealth may be defined as consisting of all potentially exchangeable means of satisfying human needs" 49).

Marshall sê „wealth includes all those things, external to a man, which (i) belong to him . . . . and (ii) which are directly capable of a money measure . . . ." 50). Cannon omskryf ekonomie as „having to do with the more material side of human happiness" of korter gestel as „having to do with material welfare" 51).

Hier kan net daarop gewys word dat die grens tussen die materiële en immateriële nie altyd duidelik te onderskeie is nie. Fraser beveel dan ook aan 'n herdefiniëring van rykdom („wealth") „so as to purge it of its materialist taint. It will then come to everything which is both useful and scarce, whether material or not. Our physical energies and our time will now be included, along with our external possessions, in our wealth" 52).

Die derde punt van kritiek teen die welvaartsopvatting van die ekonomie is dat dit die ekonomie assosieer met 'n besondere „department" van die menslike lewe en gedrag. Dit hou in dat persone soms „ekonomies" optree en ander tye nie. 53). Hierdie departementele siening het twee groot swakhede: (a) die grens tussen die ekonomiese en nie-ekonomiese aktiwiteite is hoegenaamd nie maklik te trek nie. Fraser noem bv. die geval van die makelaar wat na die oggend op kantoor, die middag gaan gholf speel. Ons is geneig om te sê dat die ekonomiese afdeling van sy lewe alleen in sy kantoor beoefen word, omdat hy op kantoor sy welvaart verhoog. Die argument berus egter op 'n baie wankelbare fondament. Die makelaar moet miskien juis gholf speel omdat dit 'n heilsame invloed uitoefen op sy werkvermoë. So ook moet 'n persoon slaap en rus om sy werk goed te kan doen. Sodoende sal 'n studie van die mens „in the ordinary business of life" uitgebrei moet word tot **„the study of life as a whole"** 54) (my kursivering).

(b) Maar dit is nog nie die hele moeilikheid nie. Veronderstel die makelaar kan alleen gaan gholf speel as hy gewillig is om 'n deel van sy verdienste af te staan aan 'n mededinger en daardeur genoodsaak word om 'n vermindering van sy inkomste te aanvaar. In so 'n geval moet hy kies tussen 'n „ekonomiese" en 'n onekonomiese daad. Die keuse tussen die verdien van 'n inkome en die aanwending van ons tyd op 'n ander manier lê dan ook binne sowel as buite die „science of wealth". Die moeilikheid is onder die oë gesien en in hoofsaak is twee standpunte ingeneem. Een groep argumenteer dat, in die woorde van Fraser, „the choice between work and play, or between business and art or religion or any of the other main fields of human activities is a problem not of economics, but of life as a whole, and have held that economists are perfectly entitled to consider the economising of resources only in so far as it arises within the field of business and in-

dustrial life--as, indeed accords with their usual practice" 55). Vir die ander groep vorm die moeilikheid egter „a crushing objection to all wealth, or welfare definitions". Hulle sê: „Economics must be concerned with the economic problem wherever it occurs; and they therefore seek to find a definition of its scope that will confine it to that particular department of human affairs, which ordinary speech describes as 'the economic system' " 56). Die lg. opvatting bring ons dan nou ook tot die tweede hoofgroep van definisies, wat die „skaarste" -definisies genoem is.

Myns insiens kan egter nie een van die twee sienswyses sonder meer aanvaar word nie, en wel om die volgende redes: Wat die eerste groep betref: omdat daar nie rekening gehou word met die **eenheid van die werklikheid nie**—slegs die „economising of resources in so far as it arises within the field of business and industrial life" word in ag geneem. Wat die tweede groep betref word verder ook nog uit die oog verloor dat, by alle strewe na objektiwiteit, **die bestaan van 'n hoëre wetmatigheid en normatiwiteit wat deur Goddelike openbaring tot ons deurdring, erken moet word.** Daar moet volgens van der Kooy, **altyd onthou word dat by alle abstraksie die wetenskap tog universeel en prinsipieel moet bly** 57).

2. **Die Sog. „Skaarste"-Ekonomie.**

Die verskil in die opvattinge van die huidige periode met die van die voorgaande fase in die ontwikkeling van die „suiwer wetenskaplike" siening, is deur F. J. de Jong heel pittig getipeer aan die hand van die kriterium „rationeel handelen". Hy wys daarop dat in die eersgenoemde periode die inhoud van die begrip „rationeel handelen" direk berus op 'n wysgerige grondslag. Dit was dan ook die wysgerige inslag van die skrywers uit die eerste tydperk wat aan hulle opvattinge die aansien gegee het. Met die oorgang na die onderhawige periode is die logiese band tussen ekonomiese teorie en wysgerige bespiegelinge en maatskaplik-filosofiese leerstellinge („doctrines") radikaal deurgesny. Die hoofkenmerke van die nuwe periode is dan ook dat daar in 'n empiriese wetenskap geen plek is vir aprioristiese uitgangspunte nie en dus ook nie vir wysgerige standpunte wat, van die standpunt van die ekonoom beskou, slegs vooroordele is nie. M.a.w. die ekonoom streef in ons dae in die algemeen nie meer daarna om hom in sy ekonomiese denke deur die **lewens- en wêreldbeskouing** te laat beïnvloed nie; inteendeel, hy probeer om 'n ekonomiese teorie op te bou wat daarvan los staan; derhalwe kan ons sê dat die logiese band deurgesny is. Die vernaamste gevolg van die deursnyding van die vroëre logiese band tussen die wysbegeerte en ekonomie is dat die begrip „rasioneel handel" die normatiewe karakter verloor het 58).

Om die huidige standpunt duideliker te stel, kan ons gebruik maak van wat Hennipman noem die „economisch motief" en „economisch principe" 59). Sakelik gestel is die ekonomiese **motief** die **doel** van die handeling, terwyl die ekonomiese **principe** (beginsel, norm) die **doelmatigheid** van die handeling self is, dus die gerigtheid van die handeling op die bereiking van die doel wat die motief vir die handeling vorm. In die voorafgaande stadium van die ekonomiese ontwikkeling (I hierbo) is ook die **doeleindes van die handeling,** die **motiewe dus,** op **hul** rasionaliteit beoordeel. Hennipman wys dan verder daarop dat die ervaring geleer het dat om 'n teorie van universele geldigheid — 'n tydlose teorie — op te bou, die psigologiese aannames m.b.t. die ekonomiese motief en ekonomiese prinsipe steeds meer verruim en gedifferensieer moes word, omdat 'n spesifieke ekonomiese doel, wat die enigste motief van die ekonomiese handeling sou vorm, nie bestaan nie. 'n Tyd lank het as sodanige doelstelling gedien die strewe na 'n so groot moontlike geldopbrengs (of welvaart, soos ons die voorgaande ontwikkelingsperiode getipeer het), dog by belangrike ekonomiese prosesse soos bv. die besteding van die inkome en die verdeling van die produkaie-faktore oor die verskillende aanwendingsmoontlikhede, is die grootste geldelike bate nie of nie altyd die rigsnoer nie, terwyl selfs op die mark die mens hom nie uitsluitend deur geldelike oorwegings laat lei nie. Dit blyk dus noodsaaklik te wees om die teorie te subjektiveer: in plaas van die mak simale geldopbrengs kom die maksimale behoeftebevrediging as sentrale doel op die toneel. Maar nie te lank behou die formele begrip die doelkarakter nie; by verdergaande subjektivering blyk dit niks anders in te hou nie as die soewereine persoonlike visie van die subjek: die mens handel soos hy wens om te handel; elke feitlike doelstelling is die doel van die ekonomiese handeling.

Die toepassing van bogenoemde redenering lei onvermydelik tot die verdere logiese gevolgtrekking, nl. **dat die ekonomiese motief (doeleindes) as 'n gegewe aanvaar moet word;** die doeleindes van die handeling lê opgesluit in die subjektiewe waarderingskaal van die indiwidu, en die subjektiewe waarderinge van die indiwidu kan volgens die moderne insig nie deur die ekonomie op wetenskaplike wyse gewaardeer word nie—die taak word oorgelaat aan bv. die etiek. Anders gestel: die ekonomie staan neutraal teenoor die doeleindes, die ekonomie hou hom voortaan slegs besig met die ekonomiese **prinsipe** Voortaan word die doeleindes („lends") eenvoudig as 'n gegewe groothei.d aanvaar, of in die woorde van Hennipman: „De aard der behoeften neemt van den aanvang of geen plaats in de redenering in: de theorie verklaart iedere waardering, iedere dispositie over de goederen, van welken aard de behoeften ook zijn, die aan het beslissen

en handelen ten grondslag liggen; (en) de conclusies zijn van toepassing ongeacht den aard der nagestreefde bevrediging" 60).

Sie daar die algemene gees waarin die aard en omvang van die ekonomie vandag beskou word—die ekonomie hou hom slegs besig met die ekonomiese prinsipe.

Ons kan nou aan die hand van 'n paar skrywers die inhoud van die begrip nader bepaal, om sodoende die huidige siening op die ekonomie duideliker aan die lig te bring.

Robbins se „beroemde" werk, **„The Nature and Significance of Economic Science"**, wat in 1932 verskyn het ,kan by uitstek dien as voorbeeld van die moderne positiewe, „suiwer-wetenskaplike" siening van die aard en omvang van die ekonomie.

Volgens Robbins is die probleem van die ekonomie eenvoudig en alleen die probleem van **ekonomisering.** Daar word aangeneem 'n indiwidu of 'n groep indiwidue, elkeen met sy verskillende begeertes en behoeftes. Verder word aangeneem dat, as gevolg van die onvoldoende bronne tot hulle beskikking, al hul behoeftes nie bevredig kan word nie. Die middele („means") is beperk in vergelyking met hulle doeleindes („ends"), en daarom moet daar gekies word watter doeleindes bevredig sal word en watter opgeoffer sal moet word. Ten einde hiertoe in staat te wees, is een of ander „pricing process" nodig. Waardes moet geheg word aan die beskikbare middele (bronne), om sodoende hulle aanwending te beperk vir die doel waarvoor hulle die dringendste benodig is. Volgens. prof. Robbins is dié proses die studieobjek van die ekonoom. Hy sê: „Economics is the science which studies human behaviour as a relationship between ends and scarce means which have alternative uses" 61). Die ekonoom ondersoek „the implications of the different ends we may choose" en „makes it possible to select a system of ends which are mutually consistent with one another" 62). Hy is egter nie gemoeid met óf die „ends" óf die „means" op hulself geneem nie. **Sy onderwerp is nóg uiteindelike waardes nóg materiële bronne, maar skaarste.** 63). Hieruit volg dan ook dat, aangesien „economics is a study of the relationship between means and ends", dit neutraal staan teenoor die "ends" self. Hy sê: „there are no economic ends. There are only economical and uneconomical ways of achieving given ends. We cannot say that the pursuit of given ends is uneconomical because the ends are uneconomical; we can only say it is uneconomical if the ends are pursued with an unnecassery expenditure of means". (p. 129).

Prof. Robbins is bekommerd oor die grensoorskryding in die ekonomiese studies. Hy glo dat ekonome in die verlede te geredelik hulle tyd bestee het aan sake wat slegs veraf verwant was aan die hooftema. Hy doen dan ook 'n beroep op ekonome „to give up these outlying territories and return to the analysis of the pricing process." (p. 3, 40 n). 'n Groot deel van sy boek bestaan dan ook uit die aantoning van dit waarmee die ekonomie nie gemoeid is nie. Ekonomie is nie **psigologie** nie, en die ekonoom moet geen studie maak van die subjektiewe basis van die vraag- en aanbodskedules of van die redes wat persone beweeg het om tussen die verskillende „ends" te kies nie. (pp. 83-86). Ekonomie is ook nie **tegnologie** nie, en die ekonoom moet dan geen studie maak van die nywerheids- of landbouproduksie nie, behalwe in soverre as wat dit gaan oor die prysverskynsel en kosteberekening. (pp. 31-37).

Ekonomie is verder nie **ekonomiese geskiedenis** nie, en daarom is die ekonoom nie gemoeid met die ontwikkeling van ekonomiese of sosiale „institutions" nie. (pp. 37-40, 92-94). Ten slotte is ekonomie nie **etiek** nie, en daarom moet die ekonomie hom beperk tot dit wat **is** en moet hy hom nie inmeng met besprekings oor wat **behoort te wees nie** (pp. 120-135). Gevolglik mag die ekonoom geen studie maak van die probleme oor die welvaart nie, nie van die lus of onlus van arbied nie, nie van die gevolge van 'n verandering in verdeling van die inkome nie, behalwe in soverre as wat die dinge tot uitdrukking kom in gewysigde vraag- en aanbodskedules. As **ekonoom** mag hy geen ondersoek instel na die betekenis van 'n advertensie-veldtog vir die gemeenskap nie, alhoewel hy die produktiwiteit daarvan vir die adverteerders wel mag bespreek. 'n Studie van werkloosheid is alleen toegelaat in soverre dit behandel kan word in terme van die prysstelsel.

Samevattend kan ons sê dat, volgens Robbins, die ekonomie slegs te make het met die **hoe** van die handeling. Die menslike handeling word ekonomies genoem wanneer die doel—**wat die aard daarvan ook mag wees**—so goed moontlik bereik word. Die swaartepunt word sodoende verlê van 'n studie van die doel self na die wyse van die handeling; die ekonomiese **beginsel** (prinsipe) neem die plek van die ekonomiese motief. Die begrip „ekonomies" is nie meer kenmerkend vir die doel nie; dit is slegs van toepassing waar op 'n bepaalde wyse die **gegewe doeleindes** nagestreef word: „There are no economic ends. There are only economical and uneconomical ways of achieving given ends" 64).

'n Soortgelyke siening van die aard en omvang van die ekonomie vind ons egter reeds lank voor die verskyning van Robbins se werk en ook vandag by die mees gevierde ekonome van ons tyd, sodat dit die indruk by baie

wek dat daar geen ander siening op die ekonomie bestaanbaar is nie. So omskryf Wicksteed reeds (in 1910) die ekonomie as : „In its widest scope as the study of the general principles of the administration of resources . . . . (and) of the ways in which waste arises in such administration" 65).

In 1922 sê W. I. King: „economics is a mathematical science dealing with the relationship between a certain class of causes and their effects and deals with what is and not with what ought to be" en om die rede, sê hy, „we should not be too ready to condemn the economist who prefers to be an economist pure and simple, or even one who has no desire to make any practical use of the principles which he works out" 66). Kleine sê op dieselfde konferensie oor die verhouding tussen ekonomie en etiek: „the economist should be ethical, but not his science" en verder „the constructive efforts of 'welfare economics' lies mostly beyond the scope of economics . . . . . and . . . . had best be named social philosophy" 67).

Dr. Strig het ook reeds in 1923, na 'n uitvoerige ondersoek na die voorwaardes van wetenskaplike denke in die ekonomie, tot die volgende slotsom gekom: Veronderstel 'n indiwidu beskik oor 'n hoeveelheid middele wat ter bevrediging van verskillende doeleindes („ends") aangewend kan word; en dat die doeleindes gerangskik is in 'skaal van afnemende belangrikheid. Dan ontstaan die vraag: vir die bevrediging van watter doeleindes sal die middele aangewend word? Dit is die vraag wat die teoretiese ekonomie moet beantwoord. Die formule „die aanwending van middele vir gegewe moontlike doeleindes", verskaf die „unifying" (unifiserende) beginsel vir die ekonomiese teorie 68).

Mises sê in sy **Grundprobleme** (1933) dat die fundamentele probleem van die ekonomiese wetenskap „Handeln" of „Wirtschaften" 69) is, en later, in sy onlangs verskene werk „Human Action" (1949) . . . . . „Economics is a theoretical science and as such abstains from any judgement of value. It is not its task to tell people what end they shoud aim at. It is the science of the means to be applied for the attainment of ends chosen, not, to be sure, a science of the choosing of ends. Ultimate decisions, the valuations and the choosing of ends, are beyond the scope of any science. Science never tells a man how he should act; it merely shows how a man must act if he wants to attain definite ends" 70).

In 1926 wys F. de Vries in dieselfde verband daarop dat as enige betoog wetenskaplike waarde wil besit, dan is dit noodsaaklik dat die ekonomiese redenering wat op die gegewe doel toegepas word, nie deur etiese en ander waarderings beïnvloed moet word nie. Alleen dan is dit moontlik dat die

ekonomie ons 'n bruikbare instrument kan verskaf, met behulp waarvan ons kan ondersoek wat objektief ekonomies doelmatig en dus ekonomies wenslik is, altyd: gegee sekere doeleindes 71). In 1945, in 'n rede uitgespreek by aanvaarding van die hoogleraarsamp aan die Universiteit van Amsterdam, getiteld „De Taak der Theoretische Economie", maak hy die volgende beswaar teen die beoefening van die ekonomiese wetenskap: „Gij miskent....... nog al te vaak wat u eigenlijke taak is en met overschrijding van die grenzen u door deze gesteld, tracht ge uitsprake te doen over hetgeen er gebeuren zal of **erger nog over hetgeen er gebeuren moet.** En dan faalt de teorie" 72). Die teoretiese ekonomie is volgens De Fries alleen van 'n formele karakter, en die stellings wat dit formuleer hou nooit 'n empiriese sintetiese oordeel in nie. Haar taak is om die ekonomiese begrippe te vorm en hulle te definieer. Hulle moet op hulle logiese houdbaarheid getoets word en dan moet deur teoretiese analise nagegaan word wat die definisies impliseer, m.a.w. ons moet deur deduktiewe redenering trag om op te spoor wat aldus in die gedefinieerde begrippe opgesluit lê waardeur ons ook instaat gestel word om die betrekking te leer ken wat op grond van die analise tussen die verskillende begrippe bestaan 73).

De Vries wys egter daarop dat die teoretiese ekonomie by die vervulling van die taak besondere moeilikhede ondervind, nl.:

(a) Reeds by die aanvang van haar werk vind sy 'n hele erfenis van begrippe wat deur die voor-wetenskaplike denke nagelaat is. Die ekonomiese wetenskap was nie die eerste gewees wat 'n antwoord op ekonomiese vraagstukke gesoek het nie. Lank voordat daar sprake was van 'n ekonomiese wetenskap en voordat die mens besef het wat die aard van die probleme was, het hy hom daarmee besig gehou, en vanuit verskillende gesigspunte, nl.: 'n sedelike, 'n politieke of 'n persoonlike belangestandpunt besien. Al die dikwels verwarrende en onvoldoende, of op teenstrydige wyse gedefinieerde begrippe vind nou hul weg in die daelikse spraakgebruik. Die ekonomie wat hom nie te ver van die gewone spraakgebruik kan verwyder nie, moet dus werk met die begrippe wat reeds swaar belas is en allerlei assosiasies oproep wat 'n wetenskaplik verantwoorde probleemstelling en begripsvorming in die weg staan 74).

(b) Die moeilikheid word dan nog verder vergroot deur die toestand waarin die materiaal waarmee ons moet werk sig bevind. Daar bestaan in die buitewêreld geen groep van verskynsels „die zich als economische verschijnselen aandienen". Die ekonomiese is slegs 'n bepaalde aspek van dinge of relasies wat tewens iets anders is, en waarby die andere meesal die sterkste na vore kom. Die **produksie** is allereers 'n tegniese verskynsel:

dit bestaan uit prosesse wat aan natuurwette onderworpe is en uit menslike handelinge wat deur fisiologiese en psigologiese wette beheers word. Die produksie en omloop van die goedere word aan die gang gehou deur 'n voortdurende reeks van regshandelinge, koop, huur, ens. Samewerking is steeds nodig, waardeur daar tussen die mense sedelike betrekkinge ontstaan. Die **konsumpsie** is ook weer 'n fisiologiese en psigologiese proses. Dit is alles reeds die objek van die ondersoek van andere, meesal ouere wetenskappe, wat elkeen met hul eie begrippe werk; maar dit vorm ook die materiaal waarmee die ekonomie moet werk, want aan al die verskynsels is ook 'n ekonomiese kant. Waarin dié bestaan, wat die essensiële van die ekonomiese vraagstukke uitmaak, is iets wat hom eers langsamerhand by die bestudering van verskillende vraagstukke geopenbaar het. Daaruit is, vry laat soos ons weet, die insig gebore dat daar 'n groep probleme bestaan wat onderling saamhang en sodoende die objek van 'n selfstandige wetenskap kan vorm. Dan ontstaan die taak om nader te bepaal wat aan al die probleme eie is, waardeur hulle tot die **ekonomiese** probleme gereken kan word. Eers nou word dit ook moontlik om logies houdbare ekonomiese begrippe te vorm en dit op 'n sodanige wyse te definieer dat alles wat nie tot die wesenlik ekonomiese behoort nie wegval, sodat dit inderdaad geluk om die „Erfahrung in spezifisch ökonomische Begriffe zu fassen". Begryplik is dit dus dat vreemde elemente so maklik in die ekonomiese leerstelsel kan binnesluip en dat by die begripsvorming telkens weer tegniese, juridiese, psigologiese, etiese en politieke gesigspunte hulle na vore dring. Begryplik word dit dan, aldus De Vries, dat hier vir die teorie nog 'n belangrike taak lê wat nog verre van voltooid is 75).

De Vries spreek verder die mening uit dat, alhoewel daar veral in die laaste tien jaar voor die oorlog belangrike werk gedoen is om tot 'n vernuwing en 'n hersiening en suiwering van die begrippe-apparaat te kom, daar egter nog baie trekke is wat uit vroëre ontwikkelingsfases meegebring is en wat nie met die geskets te taak ooreenkom nie. In sy eie woorde: „De teoretische economie heeft de grenzen haar gesteld willen overschrijden; zij heeft meer willen zijn dan enkel een analitisch werktuig. Haar uitspraken, die slechts een analytisch oordeel kunnen inhouden, zouden ons tegelijkertijd moeten leren wat er in de werklijkheid gebeurt, ja zelfs hetgeen er gebeuren moeten ..... Dit tweeslachtig karakter der theorie moest verwarring stichten en kon de wetenschap slechts schaden. Haar taak van begipsvorming en theoretische analyse vervulde zij daardoor op onvolkomen wijze. En de twijfel aan de juistheid van menige economische wet, die steeds meer toenam, werd tot twyfel aan de waarde van elk theoretisch-economisch onderzoek. Door deze grensoverschrijding belemmerde zij

ook de arbeid op andere gebieden der economische wetenschap, die geroepen waren de vraagstukken te behandelen, die de teoretische economie ten onrechte tot zich trok en waarbij andere methoden van onderzoek nodig zijn dan de hare" 76).

R. A. Blodgett sê in 1946 in sy **Priniciples of Economics:** „Economics as a science must stop with the description, analysis, and explanation of economic activity. It is a positive science which studies what is or what tends to be, and not a normative science which prescribes what ought to be. Economics is the study of human behaviour in the disposal of scarce means among alternative ends, and it is not concerned with discovering whether these ends are high or low, good or bad, worthy or unworthy. It cannot decide how our ends should be changed in order to maximize the general welfare. Its function is to investigate economic life and discover truths about it and not to hand down rules of life by which all good men should abide. It should be able to provide us with information concerning the probable consequences of given courses of action, but it cannot tell us whether the ends aimed at by these courses of action are worth attaining. All this does not mean that the ends which men seek should never be evaluated or that means of increasing the social welfare should not be sought. In fact, we do not mean to bar the economist as an individual from making value-judgments or seeking the means of social improvement. All we are saying is that economics **as a science** cannot determine what welfare is or give a scientific answer to ethical questions" 77). Met instemming haal hy J. N. Keynes aan waar lg. sê: „At the same time the greatest value is attached to the practical applications of economic science; and it is agreed that the economist ought himself to turn his attention to them—not, however, in his character as pure economist, but rather as a social philisopher, who because he is an economist, is in possession of the necessary theoretical knowledge. It is held that if this distinction is drawn, the social and ethical aspects of practical problems—which may be of vital importance—are less likely to be overlooked or subordinated, Nevertheless, economics itself is a science, not an art or a department of ethical enquiry" 78).

G. J. Stigler sê in sy **The Theory of Price** (1949): „Economics is the study of the principles governing the allocation of scarce means among competing ends when the objective of the allocation is to maximize the attainment of the ends. There are thus three fundamental elements in the definition—**given ends, scarce means,** and the **notion of a maximum".** Oor die **„ends"** sê hy: „The ends of economic activity are any objectives which motivate that activity . . . . . It is possible to view as the ends of economic activity

either the immediate ends (e.g. a house, a phonograph) or those ends which, for lack of a better word, may be called **ultimate** (e.g. physical well-being, the respect of others), although economists usually deal only with the former. In order to be comparable, of course, the ends must necessarily be reducable to a common denominater, and this is called **satisfaction**" 80).

„The **means** (resources) consists of all things which are both scarce and versatile (i.e. capable of satisfying several ends) necessary to attain ends" 81).

„The principle of the **maximum** is not strictly necessary, for an economic problem would arise if individuals sought to maximize the attainment of their ends, or if they sought 65 per cent. of the maximum possible attainment of the ends, or any other specific objective. But it is enormously convenient and, on the present plane of generality, very realistic to assume that a maximum fulfillment of ends is sought. Without some purpose of activity in any case, no principles of correct behaviour can be established" 82).

Wat die verhouding tussen ekonomie en etiek betref, sê hy:

„Ethics is the study of values; so in the means-and-ends terminology ethics considers the relative desirabilities of the various ends. The philosopher and not the economist, attempts to decide whether a consumer **should** prefer recitals of the modern dance to spiked beer. Strictly speaking, words like **ought** and **bad** cannot occur in an economic discussion–at most one may say that an action is not appropriate to the end in view" 83).

In byna dieselfde lig beskou prof. Lachman (in 1950) die aard van die ekonomie in sy rede 84) gehou ter aanvaarding van die hoogleraarsamp aan die Witwatersrandse Universiteit. Hy sê o.a.: „The real nature of truth, the ultimate grounds of human existence, the universal criteria of the Good and the Beautiful, are the province of the philosopher not of the scientist. From this very reason the economist, as an economist, must refrain from making value-judgements. He is concerned with the world as it is, not with the world as it ought to be. About what ought to be men will always disagree. Arguments of this kind cannot be settled by an appeal to reason and experience. For each value-judgement presupposes another value-judgement of a higher order, and thus cannot be sustained without an appeal to the ultimate grounds of human existence. Every discussion of a value problem inevitably leads to a metaphysical problem, the kind of problem the scientist has to eschew" 85). Hy aanvaar ook die definisie van Robbins en op grond daarvan sê hy: „This means that among the observable pheno-

mena which economists like other scientists attempt to relate to each other, **human decisions** play a most prominent part. In fact the business of the economist consists in a very little else but asking what human choices have caused a given phenomena, say a change in price, or output, or employment. But behind these choices we must not go ..... The economic consequences (implications, if you like) of the choice once it is made, not the psychological causes, belong to the province of Economics" 86).

Prof. M. C. Weststrate maak beswaar teen die opvatting dat die ekonomiese lewe die sy van die menslike lewe is wat gerig is op die verkryging of vermeerdering van welvaart (welvaart in die sin van stoflike en onstoflke welvaart). In plaas van te sê: die ekonomiese handeling is die handeling wat ten doel het welvaart in die sin van bevrediging van alle moontlike behoeftes kan ons veel beter sê: die ekonomiese handeling het ten doel die bevrediging van alle moontlike behoeftes. Dit is baie duideliker en eerliker (aldus Weststrate) 97).

Die ekonomiese handeling het dus ten doel bevrediging van alle moontlike behoeftes. Maar die doel is so ruim dat dit ons vir die begrensing van die begrip ekonomiese lewe of ekonomiese handeling niks help nie (p. 4). **Die kenmerk van die ekonomiese handeling sit dus nie in die doel van die handeling nie.** Die ekonomiese handeling kan allerlei doeleindes hê: materiële welvaart, kunsgenot, vergetelheid, vrolikheid, mag, godsdienstige bevrediging ens. As die doeleindes van die ekonomiese handeling so heterogeen kan wees, is daar geen spesifieke ekonomiese doel nie. Die kenmerk van die ekonomiese handeling is dus nie te vinde in die **doel** daarvan nie.

Nou volg hieruit, volgens Weststrate, dat wanneer die kenmerk van die ekonomiese handeling nie te vinde is in die **doel** daarvan nie, moet dit wel sit in die **wyse** daarvan. **Die ekonomiese handeling is 'n bepaalde wyse** van handeling. Watter wyse?

Die woord „ekonomies" kan ons hier inlig. Dit is afgelei uit die Griekse *oikonomos*, wat beteken huishouding, reëling van huishoudelike aangeleenthede. Hoe hou 'n huisvrou huis? Sy hou huis wanneer sy met haarself oorleg pleeg by die besteding van die geld en wanneer sy dit op grond van die oorleg so bestee, dat die doeleindes wat sy vir haarself stel op behoorlike wyse daardeur gedien word. Die doel wat opgestel word sal in die reël wees die so goed moontlike versorging van die gesin, maar dit kan ook as newedoel insluit die hulpverlening aan ander.

Weststrate kom dan uit bostaande redenasie tot die volgende slotsom:

„**Economisch handelen is dus huishouden.** En **huishouden** is (hier altans) het met overleg handelen **met beschikbare middelen op die wijze, dat zij een zo gunstig mogelijk resultaat opleveren,** het verdelen ervan over de verschillende mogelijkheden, die in aanmerking komen, zo dat de doeleinde, die men zich stelt, tot een maximum worden bereikt. (Welke doeleinden men zicht stelt, is onverschillig" 88).

Samevattend kan ons sê dat die hierbo behandelde skrywers in die tweede ontwikkelingsfase van die suiwer-wetenskaplike siening se opvatting oor die aard en omvang van die ekonomie berus op hulle oortuiging dat die ekonomie 'n **wetenskap** is. Gevolglik moet die ekonomie so gedefinieer word dat dit as basis kan dien vir 'n streng wetenskaplike studie. Hulle beskou die ekonomie as wetenskap, nie slegs in die sin van die naspeuring van die objektiewe waarheid nie, maar in die engere sin van die soek na waarheid „for its own sake", en wat nog belangriker is—die soek na waarheid omtrent dit wat **is** eerder dan dit wat **behoort te wees.** Dit is 'n **suiwere** („pure") wetenskap ,en daarom geskik vir eksakte redeneringe en berekeninge. Die ekonomie is 'n „positiewe" en nie 'n „normatiewe" wetenskap nie. Dit is „waardevry" of van „universele geldigheid" in die sin van „aanvaarbaar onafhanklik van 'n lewens- en wêreldbeskouing".

Myns insiens kan die opvatting van die genoemde skrywers nie aanvaar word nie. As Christene moet ons standpunt inneem téén die neutrale siening van die ekonomie.

### 3. Die Christelike siening van die aard en omvang van die Ekonomiese Wetenskap.

Die eerste vraag wat ons hier wil aanvoer is die vraag of 'n Christelike wetenskap en dus ook 'n Christelike ekonomie moontlik is? Wat is nou eintlik die **kriterium** van 'n Christelike wetenskap? Is dit daardie wetenskap wat beoefen word in gebondenheid aan een of ander vooraf vasgelegde stelsel van gedagtes en feite wat Christelik genoem word? Nee! sê prof. Kohnstamn: „Een Christen is naar mijn diepste overtuiging niet iemand, die een of ander „stelsel" aanhangt. Hij is integendeel iemand die uit de ik-GY-relatie van gehoorsaamheid aan, verbondenheid met en vertrouen op Jezus Christus zijn levensweg gaat. Niemand nu kan wetenschap beoefenen, nog actief, nog receptief, anders dan met zijn gehele persoon, dus met zijn voelen en willen niet minder dan met zijn denken", **indien** hy nie in die skerpste teenstrydighede sal verval nie. Dit geld vir elkeen, of hy nou Christengelowige is dan wel uit 'n ander geloof leef of wel meen om geen geloof te hê nie. Want as hy werklik **geen** gehad het nie sou hy

nie in staat gewees het om sy wetenskap te beoefen nie. Diegene wat nou as Christen, dus in die vryheid-en-gebondenheid, 'n deel van sy lewenstaak gee aan wetenskaplike werk, is 'n beoefenaar van die Christelike wetenskap 89). Hiermee wil dus gesê word dat die indiwiduele gelowige sy wetenskaplike taak kan en mag en moet sien as persoonlike verantwoordelikheid, as vervulling van sy rentmeesterskap wat deur God aan hom geskenk is 90).

Dit is ongetwyfeld waar dat alle telling, meting en weging by alle mense op nagenoeg dieselfde manier plaasvind en in alle gevalle onafhanklik van hulle godsdienstige oortuiging plaasvind. Die ekonomie is tot 'n groot mate 'n sakelike, 'n tegniese wetenskap; maar die vraag is wat daarmee beoog word en of die doelstellinge en die aanwending van die skaars middele om die doelstellinge te bereik aan Gods ordinansies gebonde is. Die neutrale siening van die taak en omvang van die ekonomie wil die doelstellinge aanneem as „gegee" en wil geen oordeel daaroor uitspreek nie—die man van wetenskap moet hom in sy wetenskaplike ondersoek losmaak van die geloof omtrent God en sy gebod. Die ekonomiese wetenskap streef volgens die neutrale siening slegs na die opspoor van bestaande reëlmatighede deur middel van verstandelike metodes. Geen vooropgestelde mening, geen geloof mag daarby van invloed wees nie—die hoogste strewe van die wetenskap gedurende die afgelope honderde jare was dan ook gerig op sy bevryding van sosiale, politieke, sedelike en godsdienstige vooringenomendheid 91)

Prof. van der Kooy spreek die oortuiging uit dat die mens ten diepste in sy wetenskaplik aangenome houding, sowel as in sy hele kultuur- en lewenshouding religieus van aard is 92). Ook prof. mr. Diepenhorst spreek die mening uit dat die wetenskap ten diepste religieus gefundeer is en dat die erkenning van die feit gelei het tot die oprigting van die Christelike Universiteite. Sedert oeroue tye rook daar op die altare van die wetenskap baie onheilige vuur en die vonke daarvan het die lewe telkemale in vlamme laat opgaan. Om weer rein vuur aan te steek, om die lig van die waarheid helder te laat straal, is in die jongere jare die gedagte van 'n Christelike wetenskap opnuut na vore geskuif en is daar instellinge vir universitêre onderwys opgerig wat hulle leerlinge by die lig van die openbaring van God die weg wil laat vind. Op die wyse het in Nederland, uit die kringe van die Calvinisme, die Vrije Universiteit ontstaan, waar in die stryd tussen waarheid en leuen, tussen goed en kwaad na die beste wete kant gekies word 93). In dieselfde gees is daar in Suid-Afrika die **P.U.K.** vir C.H.O. in die lewe geroep, wat reeds in 1951 die status van 'n selfstandige Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys ontvang het. Hier wil ons die hoop uitspreek

dat ons heelwat persone sal kan oortuig dat, watter besware daar ook teen ons inrigting gekoester mag word, die suiwerheid van haar strewe en die hooghouding van die Evangelie op die terrein van die wetenskap bo elke redelike twyfel verhewe is.

Ons sal nou probeer om die aard en omvang van die ekonomie te skets soos gesien uit die standpunt van die Christelike geloof, wat ons aan die P.U. vir C.H.O. bely. Ek glo dat die grondwaarhede van die Christelike geloof moet dien as rigsnoer vir die uitbou van die ekonomiese wetenskap na die algemeen verlangde doel van die ineenpassing van die teorie en praktyk. Op basis van die geloof in God as Skepper en Onderhouer van die wêreld, moet die ekonomie verder uitgebou word. In hierdie verband kan daarop gewys word dat Müller-Armak in sy **Dus Jahrhundert ohne Gott** (1948) tot die verrassende konklusie gekom het dat die afval van die Christelike geloof en die daarmee nou samehangende verswakking van die normbesef, die drywende kragte vorm by die versplintering van die kultuur, die deformasie van die staatslewe, die ontwrigting van die maatskappy en die ontbinding van die samelewing. Müller-Armak het ongetwyfeld 'n waardevolle bydrae gelewer deur aan te toon dat nie die rasionalisme, nie die kapitalisme, nie die massa-vorming en nie die tegniek as uiteindelike verklaring vir die kultuurchaos kan dien nie, dog dat daar 'n diepere grond is waarop al die verskynsels op hulle beurt terug gevoer kan word. Met reg waarsku prof. van der Kooy dat hier egter geen sprake kan wees van 'n eenvoudige relasie nie: eerder moet gedink word aan 'n uitermate gekompliseerde deureenstrengeling van mekaar-beïnvloedende kragte. Die gedagte van die religieuse gee egter die sleutel tot die begryp van die groot samehang. Dit is dus nie die sedelike relasies, die instellinge, die masjiene, die massa, die organisasie wat die lot bepaal wat hom oor die massa voltrek nie: **beslissend is egter die wyse waarop die mens reageer op sy lewensnood, hoe hy sy ideale kies en sy hulpmiddele gebruik.** Die sekularisasie is geen gevolg van sosiale spanninge nie; dit vloei voort uit die misverstaan van die sosiale roeping. Die meganisering het nie deur outonome kragte van tegniek en organisasie tot proletarisering van die massa gelei nie; dit is die onversadigbare honger na rentabiliteit, die absolutering van die ekonomiese goed. In dié visie lê die troosryke gedagte opgesluit dat geestelike vernuwing kan lei tot 'n verandering in die gelaat van die aardryk (Huizinga, Mannheim, Bouman, Toynbee, e.a.). Dit mag egter nie so opgevat word asof die godsdiens as middel kan dien om 'n beskawing of 'n stelsel van ondergang te red nie. Ewegoed as wat die sekularisasie in die geskiedenis haar eie gerig voltrek het, sal die strewe na **diensbaarmaking** van die godsiens aan 'n kulturele of maatskaplike hervorming sy eie vonnis voltrek. Andersyds

mag 'n konkreet sosiale, ekonomiese of politieke program nooit die pretensie voer om op **eksklusiewe** wyse met die Christelike geloof in verband gebring te word nie. Wel kan en moet egter volgehou word dat dit moontlik is om vanuit Christelike standpunt **riglyne** of **beginsels** aan te gee vir die menslike lewe in al sy fasette en sektore. Die Christelike wetenskapsbeoefening—en dus ook die ekonomiese wetenskapsbeoefening—het hier 'n belangrike taak om te vervul 94).

In sy **An Essay on Economy and Value** (1939) stel Macfie as doel die beantwoording van die vraag of die opvatting van Robbins, nl. dat die ekonomie 'n suiwer positiewe wetenskap is, geregverdig kan word. Macfie betoog uitvoerig dat die **doel-** gerigtheid van die ekonomiese handeling 'n eie norm inhou, waardeur aan die normatiewe teorie 'n eie plek gegee word in die ekonomiese wetenskap, naas die positiewe teorie wat alleen die suiwere logika van die keusehandeling inhou. Hy sê: „economic administration is an essential positive element in the good life, an essential moment in our experience of the final values" omdat „economy always involves a choice between alternatives" 95). En as die ekonomiese beginsel op sigself essensiële waarde besit, volg daaruit dat die ekonomie 'n normatiewe wetenskap is en nie 'n positiewe wetenskap nie. Om sy eie woorde aan te haal: „We fit scarce means to ends, under the persuasiveness of a value, to maximize total satisfactions. We cannot do this without considering the relative satisfactions rendered by particular causes of action, and this very comparison of satisfactions act on our estimates chemically, biologically, spiritually, so that the choice which finally emerges is unique and quite different from any haphazard collection of possible satisfaction. For it is a selection rationalized by the economic principle as applied by the individual. So economics does not just accept human desires, and give them back unchanged, the principle of economy itself transmutes them through its criticism. Thus while it is for working purposes legitimate, and very useful, to separate out a positive science of pure economics by erecting around it the wall of **ceteris paribus**, we have to conclude that this is just the cleaning of the ground. The building that must rise towards the norm is yet to be erected. For the principle of economy in its full sense leads us into the highest levels of our experience, without any qualitative break in its application" 96).

Hieruit volg dan verder dat, aangesien ekonomisering geen fout is of 'n eenvormigheid soos die wet van Boyle nie, maar '**n waarde,** die vraag ontstaan hoe dit verwant is aan ander waardes. Hierop geen Macfie die volgende antwoord: „If the above argument is valid, we must note that it throws doubt on the adequacy of the category 'means to ends' as the only

basis of description for the place of economics in the hierarchy of the sciences. For if economy is in a definite and important sense a value, and also an essential element in the perfection of any valuable situation, then it is insufficient to describe it as merely a means to some experience beyond itself. What we want is some category which recognises the fact that experiences of value are concrete, made up of diverse emotions, conations and perfections, constituted through the satisfacton of different impulses in different intensities, which are fused in different patterns . . . . . . Thus when we look at the objective structure of values we find that it is best described by such a philosophic category as the organic whole" . . . . . „Means to ends" cannot do justice to the valuable nature of economy . . . . . 'Means to ends' is just one side of the shield—a side which has been overemphasised as the **only** basis of economics. Without its objective structural side 'means to ends' is meaningless" 97).

Verder wys Macfie daarop dat die ekonomiese norm nie outonoom teenoor die sosiale etiek staan nie, immers, die ekonomiese handeling is nooit sedelik ‚indifferent' nie; die ekonomiese keuse is steeds tegelykertyd 'n sedelike keuse. Die verband tussen die etiek en die ekonomiese norm stel Macfie baie duidelik: „For any particular requirements social ethics will dictate to the economic norm, so that the latter does not preserve its autonomy. And, similarly, social ethics must appreciate the demands of the economic norm" 98). Abstraksie van die essensiële verhouding tussen ekonomie en etiek maak die ekonomiese wetenskap ongeskik vir toepassing op praktiese probleme. Oordrewe spesialisasie in hierdie opsig lei tot 'n „fanatieke anargie" van die ekonomiese oordeel ten opsigte van die realiteit van die lewe 99).

Macfie wil die ekonomie sien, nie slegs as 'n positiewe wetenskap nie, maar as 'n wetenskap met 'n positiewe **en** 'n normatiewe sy. Hy verduidelik die verskil as volg: „The normative side of economics assumes a developing society, whereas positive economics is founded on a static society or on a succession of such societies, so far as development in demand goes" 100). Verder: „We are assuming the possibility of a more sufficient society, and this is our norm: whereas in positive economic science we say this is our society, symbolised in these demand schedules: how, if they are given, will prices be fixed. Our normative science will be interested in the **improvement** of the productive and distributive equipment of society . . . . . And it will seek to do this by applying the technique and logical structure of positive economics to the problems presented by existing economic facts, in view of the ideals supplied by social science, and also inevitably resulting from the

impact of positive economic theory itself on economic facts. In positive economics, therefore, we shall be immersed in the logic of a particular stage. Whereas in normative economics all our endeavours would be directed towards the growth of the stages through time into a desiderated society. For this reason the normative science should be called social economics" 101).

Dr Ridder kon weens sy vroeë tragiese dood sy gedagtes oor die normatiewe karakter van die ekonomie nie volledig uitwerk nie. Die grondslag van die ekonomiese denke moet na sy mening wees die vertroue in 'n harmonie van kragte in 'n normale toestand. Die sin van die ekonomiese is die Goddelike ordinansie. Die ekonomiese handeling wat daarna gerig is, gee volkome harmonie en absolute ewewig. Maar die feit dat by die ekonomiese handeling teen Gods ordinansies ingegaan word weens die sonde en omdat Gods ordinansies nie meer deur die mens uit homself geken word nie, het gelei tot die endogene disharmonie. Die ekonomiese wetenskap het nou, volgens dr. Ridder, as taak om die skeppings-ordinansies vir die ekonomiese lewe op te spoor en die weg te soek waarlangs die ordinansies as normatiewe riglyne vir die handelinge van persone, groepe en owerhede gehanteer kan word ter bestryding van disharmonie.

Dr. Ridder se briljante siening van die aard en omvang van die ekonomie kan in twee hoofpunte saamgevat word, t.w.:

I. Die ekonomie kan nie los van die religie, die wysbegeerte en die etiek gemaak word nie, en

II. Daar is tog 'n eie ekonomiese normatiwiteit wat regstreeks op die transendensie betrokke is.

**Ad. I. Die band tussen die Ekonomie en die Religie, Wysbegeerte en Etiek.**

Dr. Ridder wys daarop dat die ekonomie in haar breedste omvang nie los gemaak of gesien kan word van die ander wetenskappe nie. Religie, wysbegeerte, etiek en ekonomie is almal op 'n besondere wyse met mekaar verbind. Die ekonoom wat vir die praktiese lewe nuttig werksaam wil wees, mag nie met die resultate van die wetenskappe onvertroud wees nie. Hy moet daarom die ekonomie wysgerig fundeer en vervolgens 'n **sintese** vind vir wat **religieus noodsaaklik, eties wenslik** en **ekonomies moontlik** is. Aan die sintese het prof. van der Kooy besondere aandag gegee. Hieroor later meer 102).

Dr. Ridder wys daarop dat die vraag na 'n wysgerige fundering vir die ekonomie in die jongste tyd steeds meer na vore kom. Sedert die dae van Adam Smith was die verlange nog nooit so sterk as vandag nie. In Nederland is daar die beskouing van dr. Keus en dr. de Graaf, elders Carr en Eucken

Hulle probeer wel 'n wysgerige basis uit die elemente van die praktiese lewe self opbou. Dr. Ridder wys tereg daarop dat die pogings egter tot mislukking gedoem is, omdat die basis waarvan uitgegaan is, nl. die „konkrete werklikheid", geen vastigheid besit nie. Die verlange na 'n wysgerige basis vir die ekonomie spruit voort uit die wens om ons wetenskap meer tot nut te laat strek as rigtinggewing aan die menslike en praktiese ekonomiese handeling. Soek ons egter die wysgerige basis vir die ekonomie in die „konkrete werklikheid", dan soek die mens uiteindelik die norme vir die ekonomiese handeling in **homself** en keer ons in die opsig terug tot die fout van die klassieke skool 103).

'n Goeie ineenvoeging van 'n wysgerige basis, ekonomiese teorie en praktyk is slegs moontlik wanneer—soos die Calvinistiese wysgeer Dooyeweerd dit uitdruk—„deze basis niet word gezocht bij immanentie philosophie, maar het archimedisch punt van dit totale economisch stelsel word gevonden in de vastigheid, welke gelegen is in de Openbaring Gods in Christus." Op die basis van die Wysbegeerte van die Wetsidee moet vasgehou word aan die gedagte dat daar inderdaad ekonomiese wetmatighede van algemene geldigheid bestaan, in wat in die struktuur van die ekonomiese aspek as sodanig opgesluit en in die goddelike skeppingsorde gewortel is. Dit moet uit die geaardheid van die ekonomiese as sodanig opgespoor word. By die analise van die **algemene struktuur** van die ekonomiese aspek moet voor alles die **kern**-moment opgespoor word wat aan die aspek sy onherleibare geaardheid en eiewetlikheid waarborg. Dan moet die sogenaamde **analogiese** of **terugwysende** momente in die struktuur geanaliseer word, wat in die **ekonomiese** aspek die innerlike samehang met alle vroeëre apsekte van die werklikheid waarborg (d.i. die aspekte van omgang en verkeer, die taalaspek, die logiese aspek, die psigiese gevoelsaspek, die organiese lewensaspek, die fisies-chemiese aspek van die beweging, die ruimtelike aspek en die getalaspek). En eindelik die sogenaamde **antisiperende** of **vooruitwysende** momente in die struktuur, wat in die ekonomiese aspek self die innerlike samehang met die latere aspekte (die estetiese, juridiese, morele en die geloofsaspek) handhaaf en wat in die laaste instansie die teoretiese blik rig op die religieuse **wortel** van die hele ekonomiese lewe. By die analise kom die **algemeen-geldige** stand van sake aan die lig, wat in die gangbare ekonomie deurlopend verwaarloos is en wat alleen deur 'n **skriftuurlike** visie op die werklikheidsorde blootgelê kan word. Die skriftuurlike werklikheidsorde is daarom beslis superieur teenoor die humanistiese, omdat dit, gelei deur die grondmotief van die Woord-openbaring, sowel die **onherleibaarheid** en **soewereiniteit in eie kring** van die ekonomiese aspek as sy **onlosmaaklike samehang met alle ander aspekte** van die geskape werklikheid in rekening

bring 104). Die grondwaarhede van die Christendom moet dus dien as rigsnoer vir die uitbou van die ekonomiese wetenskap. Op basis van die geloof in God as Skepper en Onderhouer van die wêreld moet die ekonomie verder ontsluit word. Die **ontsluiting** moet geskied deur rekening te hou met die resultate van ander verwante wetenskappe terwyl **rigting** aangegee moet word deur die religie. Hier kom die groot betekenis van die Christegeloof as datum vir die ekonomie na vore.

Alhoewel elke ekonomiese stelsel 'n wysbegeerte tot basis en 'n geloof as rigsnoer het, voldoen elke ekonomiese stelsel nie aan die noodsaak om 'n sluitende geheel te vorm nie. Die geslotenheid is afhanklik van die juiste geloof en daarmee van die werklike vaste basis.

Die Christelike geloof sien, wanneer dit geplaas word teenoor die veelvormigheid van die ekonomiese lewe, daarin sowel 'n uitwerking van Gods ordinansies (der Sinn der Wirtschaft) asook die deurwerking van die sonde (der Wedersinn). Dit beteken dat daar in die eerste plek optree spanninge, krisisse, armoede, werkloosheid, ens. (as gevolg van die sonde). Maar die geloofsoog sien verder: dit sien ook die skone opbou, die ewewigtige werking van kragte in die geslotenheid van die ekonomiese sisteem-verskynsels wat hulle vaste steun vind in die Wet van God. Die sonde het die harmonie in Gods skepping versteur, maar die verstoring gaan egter nie so ver dat die harmonie omgesit is in chaos nie. Nee, 'n chaos het die wêreld nie geword nie; wel het die aarde soms dorings en distels voortgebring. Hierdeur het die Goddelike waarheid in die wêreld nie verdwyn nie, maar is dit wel verborge. Die waarheid lê nie klaar en oop vir elkeen se oog nie; dit moet gesoek word. Dit is die taak van die wetenskaplike denke. Slegs die waarheid kan die mens van alle ekonomiese spanninge vry maak, en daarmee kan die weg geopen word om teorie en praktyk tot mekaar te bring 105).

Dit is dan ook die taak van die wetenskap (en ook van die ekonomiese wetenskap) om te soek na die Goddelike waarheid in die skepping en om die Goddelike gedagte in die wêreldgebeure na te speur: die wetenskap moet Gods ordinansies opspoor, nagaan en formuleer 106).

Sedert die dae van Adam Smith het baie groot geeste getrag om die gang van die ekonomiese gebeure te verklaar. Hulle bring dit in die worsteling ver, maar nimmer sal hulle, tensy die werklike gebeure geplaas word in die lig van Gods Woord, by die verklaring tot 'n **sluitende** sisteem kan kom nie, hoe ywerig hulle ook soek, omdat daar op die sondige wêreld self geen sluitende ekonomiese sisteem bestaan nie. Slegs Gods sisteem is sluitend. Wil ons die Goddelike sisteem verwesenlik en sus die bestaande, sondige, ekono-

miese sisteem tot sy volmaaktheid bring, dan moet die ekonomiese subjekte Gods ordinansies opvolg. Dit is een van die grondwaarhede van die Christendom dat die opvolging uit vrye oortuiging moet geskied. In die sin is Gods ordinansies te sien as normatief vir die subjektief ekonomiese handelinge. Deur die vry redelike keuse of wel die ekonomiese selfverantwoordelikheid word die ekonomiese subjek ook 'n **verantwoordelike** subjek, dus **aanspreeklik vir sy dade.** En die subjekte kan die verantwoordelikheid op hulle neem wanneer hulle met die ekonomiese ondersoekers aan mekaar gebind word deur 'n gemeenskaplike Christelike geloof omtrent die diepste grond en die doel van die bestaande 107).

Dit is 'n ou waarheid wat hier opnuut geformuleer is. Groen van Prinsterer omskryf dit as volg: „Geen welvaart zonder zedelikheid, en geen zedelikheid, welke niet een hooger steun dan het welbegrepen eigenbelang heeft. De armoede kweekt onzedelijkheid; doch men vergete niet, dat ook die onzedelijkheid armoede kweekt; en dat alle vermaning, welke niet met Gods wet en met den schrik des Heeren in verband is, ter beteugeling van begeerlijkhede en driften jammerlijk tekort schiet" 108).

**Ad. II. Die eie ekonomiese normatiwiteit.**

In bostaande is daarop gewys dat die ekonomie nie van die religie, die wysbegeerte en die etiek losgemaak kan word nie. Dr. Ridder wys egter ook verder daarop dat die ekonomie 'n eie normatiwiteit het wat regstreeks op die transendensie betrokke is. Hy wys daarop dat, om te weet wat die ekonomiese lewe inhou, dit nodig is om die ontstaan van die lewe juis te sien, d.w.s. om die lewe, sy ontstaan en ontwikkeling te plaas in die lig van Gods Woord. Die ekonomiese lewe ontstaan en ontwikkel uit die omgang van die mense onder mekaar en uit hul kontak met die natuur, met die doel om behoeftes te bevredig, of anders gestel: ekonomies word die omgang pas wanneer die doel daarvan is om die behoeftes te bevredig 109).

Die mens het sedert die skepping behoeftes gehad wat bevredig moes word, indien hy aan die lewe wou bly. Die mees elementêre behoeftes was eet en drink en, na die sondeval, kleding. Die sondeval bring egter nog 'n ander element in die behoeftebevrediging, wat tevore nie bekend was nie, nl. die moeite wat gepaard gaan met die bevrediging van behoeftes; in die sweet van sy aangesig sou die mens voortaan sy brood verdien. In die Paradys het daar **volkome welvaart** geheers: na die sondeval ontstaan die **welvaartstekort** en dus ook die ekonomiese probleem, of anders gestel: die mens se stryd om te bestaan, om sy behoeftes te bevredig.

Ter bevrediging van sy behoeftes verrig die mens produktiewe arbeid; daar word geproduseer om die behoeftes te bevredig. As gevolg van die

relatiewe skaarste aan bevredigingsmiddele teenoor die veelheid van behoeftes, moet die mens uit die veelheid van behoeftes kies watter hy eerste sal bevredig. Namate die mens meer bevredigingsmiddele tot sy beskikking het, kan hy meer behoeftes bevredig, d.w.s. hy is meer **welvarend.** Maar steeds bly die eis bestaan dat hy moet kies, want niemand is in staat om al sy behoeftes te bevredig nie. Die beslissinge van die mens watter behoeftes hy sal bevredig en watter bevredigingsmiddele hy nodig het, is die **waardering.** Die waarde wat aan die goedere geheg word, is beslissend by die vraag of daardie bepaalde produk geproduseer word. Die konsumpsie lei dus die produksie. **Die ekonomiese subjek wat deur sy waardering beslissend ingryp in die prysvorming van die goedere en dienste, bepaal wat voortgebring sal word** 110).

Elke ekonomiese subjek poog dus om sy eie behoeftes te bevredig; **maar hy is ook verplig om dit so te doen dat die uitwerking van die bevrediging op sy medemens, en daardeur op die hele ekonomiese en maatskaplike lewe, geskied ooreenkomstig Gods bedoeling.** In die lig hiervan kry Paulus se advies aan die Korinthiërs 'n diepere betekenis waar hy sê: hetsy dan dat julle eet, hetsy dat julle drink, hetsy dat julle iets anders doen, doen dit alles ter ere van God. Die behoefte wat een mens wel en die wat hy nie wens om te bevredig nie, die intensiteit waarin dit gebeur en die rangorde wat daarby in ag geneem word, is beslissend vir die wyse van ontstaan van die ekonomiese verskynsels. Die faktore is bepalend vir die aspek van die ekonomiese lewe en ook van beslissende betekenis vir die organisasie van die volks- en wêreldhuishouding. Wanneer die lede van die volkshuishouding geen behoefte het aan wyn nie, maar wel aan bier, sal die bierbrouery ontstaan en nie wynbou nie. Wanneer deur tradisie of religieuse oortuiging in 'n land geen vraag na toneelvoorstellings of voetbalwedstryde op Sondag is nie, sal die gebeurtenisse ook nie plaasvind nie, al sou die toegangspryse ook hoe laag wees. Wanneer elkeen 'n geheelonthouer is, kwyn en verdwyn die dranknywerheid 111).

Die gegewe voorbeelde bewys hoe belangrik die skema van die menslike behoeftes („ends") en die intensiteit daarvan is vir die opbou van die produksie-apparaat. Selfs kan betoog word dat die faktore 'n beslissende betekenis het vir die hele ekonomiese lewe. Besluit die ekonomiese subjek dat uitsluitend stoflike behoeftes bevredig sal word, dan sal die produksie daarop ingestel word. Dit sal weer meebring dat geestelike arbeid, gesien as produksiefaktor, geen of slegs 'n karige beloning sal ontvang. Dit sal op die ontstaan en die ontwikkeling van die arbeid 'n slegte invloed hê, en dus sal die kulturele lewe moeilik tot bloei kom.

Die Duitse ekonoom Eucken het in sy **Foundations of Economics** (1950) die betekenis van die gedrag van die mens vir die ekonomiese lewe skerp aan die lig gestel. Hy wys daarop dat die mens van die laat 19de en 20ste eeu gewoond was om spaarsaam te leef en veral vir die toekoms te sorg. Die eerste Christene het anders gehandel. Hulle het gereken op die spoedige wederkoms van Christus en het dus nie gesorg vir hulle aardse toekoms nie. Die verarming van die eerste Jerusalemse Christen-gemeente was 'n direkte gevolg hiervan. (Hand. 11:29).

Die opbou en ontwikkeling van die maatskappy hang dus tot 'n groot mate af van die lewenshouding van die mens. Dr. Ridder wys dan ook verder daarop dat die skema van die menslike behoefte slegs ten dele bepaal word deur natuurlike oorsake en die stand van die tegniek. Die **menslike** wil speel daarby ook 'n groot rol. So veroorsaak die gebruik van volstruisvere in Suid-Afrika en die vere van paradysvoëls in Nieu-Guinea 'n boomperiode in die betrokke gebiede. 'n Verandering in die mode stort die gebiede in 'n diep depressie. Die betekenis van die **mens** vir die ekonomiese lewe moet dus beklemtoon word. Vanself bring dit mee dat die volle lig val op die groot rol wat die behoefte („ends") in die ekonomiese lewe speel en verder op die invloed daarvan op die organisasie van die produksie 112).

In die besondere betekenis van die behoefte vir die organisasie van die produksie, lê daar volgens dr. Ridder, twee belangrike gevolgtrekkinge verborge, t.w.:

(a) dat die sonde die ekonomiese lewe binnedring deur die invloede wat van die menslike behoefte op die ekonomiese lewe uitgaan, en

(b) dat die herstel van die ekonomiese lewe en die gehoorsaamheid aan Gods ordinansies vir die lewe langs dieselfde weg moet plaasvind, nl. deur die bestryding van die sonde en die heiliging van die ekonomiese lewe deur die mens as ekonomiese subjek 113).

Die normatiewe karakter van die wetskringe vereis gehoorsaamheid aan die ordinansies van God. Daarom moet daar steeds gestreef word na die heiliging van die ekonomiese lewe deur die bestryding van die sonde.

Die eis deur Paulus gestel, nl. om te eet en te drink tot die eer van God, en die voorbeeld wat Dawid in 2 Samuel 23: 15-17 vir ons gestel het, gee die lig wat nodig is om te sien hoe die sonde in die ekonomiese lewe bestry moet word. Die mens moet nie alleen die behoeftes onderdruk waarvan die bevrediging God nie welgevallig is nie, maar ook die behoeftes waarvan die

bevredigings**middele** sondig is. Die sonde moet bestry word by diegene aan wie dit toegereken word ,nl. die ekonomiese subjekte. Die lewenshouding en lewenstyl van die ekonomiese subjekte is beslissend vir die opbou en ontwikkeling van die maatskappy en van die ekonomiese lewe in die besonder 114).

Dr. Ridder beklemtoon hier veral die groot betekenis van die ekonomiese subjek, want, alleen as alle ekonomiese subjekte hulle handeling in ooreenstemming met die eis van Gods Woord bring, sal die ekonomiese lewe tot die juiste bloei geraak en aan sy van God gestelde doel beantwoord. Hier val dit veral op hoe anders die siening op die ekonomiese lewe by die Christen is, veral t.o.v. **watter** doeleindes („ends") bevredig mag word en **hoe** dit bevredig mag word, in vergelyking met die ,suiwer'-wetenskaplike siening, waar die behoefte-skema van die mens eenvoudig as **gegee,** as **data,** aanvaar word, sodat die ekonomie gedegradeer word tot wat genoem kan word „the logic of choice".

M. J. H. Cobbenhagen 115) beklemtoon weer die onderskeid tussen die objektiewe doelstellinge van die ekonomiese handeling, d.i. die grondslae of **beginsels** van die ekonomiese orde, en die **subjektiewe** doelstellings, d.i. **die motiewe** van die ekonomiese subjekte. Laasgenoemde het 'n belangrike invloed op die frekwensie, omvang en vorm van die ekonomiese handeling, die konstante karakter waarvan bepaal word deur die **ekonomiese beginsel,** nl. dat die opbrengs groter sal wees as die offers. Die **motiewe** word weer voorgeskryf deur die lewenstyl. So het die kapitalisme, gekenmerk deur sy onbeperkte ekspansiesug, as lewenstyl ontstaan nadat die ondernemer sy Christelike lewenstyl losgelaat het en die rendabiliteit tot hoogste norm verhef het.

Albregts is ook die mening toegedaan dat die ekonomiese wetenskap nie alleen 'n **beskrywende** en **verklarende** taak het nie, maar ook 'n **beoordelende** taak. Haar taak begin egter nie by 'n gegewe ekonomiese orde—soos Euken dit wil hê—nie; dit moet ook die orde self verklaar en die doelmatigheid daarvan beoordeel.

Ten slotte kom ons by die belangrike bydrae van prof. dr. T. P. van der Kooy van die Vrye Universiteit. Prof. van der Kooy gee vandag al sy kragte aan die uitbou van 'n Christelik-normatiewe ekonomiese wetenskap. Hier sal ek net kortliks die hoofgedagtes probeer aanstip soos prof. van der Kooy dit in 'n aantal belangwekkende geskrifte en in sy kolleges aan ons voorgehou het. Duidelikheidshalwe kan ons sy hoofgedagtes in die volgende twee punte probeer saamvat:

(i) Daar is in die **eerste** plek die opvatting **dat die ekonomiese prinsipe as die ekonomiese norm gesien moet word.** Die kern van die ekonomiese handeling van die mens lê in die doelmatige beheer van skaars middele ter bevrediging van 'n veelheid van doeleindes. Die doelmatigheid is geleë in die sodanige aanwending van die middele dat die doeleindes, in volgorde van belangrikheid, **soveel** moontlik bereik kan word, of soos ons dit ook uitdruk: dat 'n so groot moontlike behoeftebevrediging bereik word. Op die wyse word dus, so kan ons dit ook stel, met die skaars middele 'n maksimale nut gestig. Die welvaartstekort, wat voortspruit uit die skaarsste, word deur 'n doelmatige beheer van die middele verklein. Die seën wat rus op 'n werklike ekonomiese handeling is dat dit welvaart versprei. Dit is die Goddelike roeping van die mens om met die stowwe en kragte van die natuur, met sy arbeidskragte en sy tyd, en met die erfenis van die kultuur ekonomies om te gaan. Die ekonomiese prinsipe, so kan ons ook sê, is die ekonomiese norm, die ekonomiese rigsnoer 117). Die handelende subjek word voortdurend die eis voorgehou dat hy doelmatig moet handel. „Slechts op deze premisse, die als overeenstemmend met de natuurlijke of scheppingsorde moet worden gedacht, kan de normatiewe economische teorie, welke zich toelegt op het opsporen en formuleren van richtlijnen voor het economische handelen worden gebaseerd" 118). Hier lê ook die kern van die verskil tussen die positiewe suiwer-wetenskaplike siening en die normatiewe siening. Die ekonomiese is nie simptoon of gevolg van lewensverstoring nie, maar **middele tot lewensvervulling.** Dit is geen bittere noodsaak as gevolg van 'n absolute welvaartstekort nie, maar 'n roeping tot benutting van die stowwe en natuurkragte en van die skatte van die kultuur. Die ekonomiese doelmatigheid is die Goddelike gebod tot gebruikmaking van die bestaande middele op 'n so goed moontlike wyse, want die ekonomiese is onmisbaar vir die ontplooiing van die ander lewensfasette (vgl. Dooyeweerd se Wysbegeerte der Wetsidee, Boek II). As gevolg van die deurwerking van die sonde in die skepping en die kultuur, het die ekonomiese funksie egter 'n swaar las vir ons geword (Gen. 3: 17:19).

Samevattend, t.o.v. die eerste gedagte, wil ons ons instemming betuig met prof. van der Kooy se karakterisering van die ekonomiese norm as 'n Goddelike opdrag aan die mens om die doelmatige beheer van die aardse goedere staande te hou.

(ii) Die tweede gedagte onderliggend aan Prof. van der Kooy se siening van die ekonomie, is dat die **motiewe** van die ekonomiese subjekte van belang is, dat dit dus nie, soos die positiewe opvatting dit wil, buite die ekonomiese ondersoek gestel moet word nie. Die motiewe is egter weer afhanklik

van die lewenstyl, wat prof. van der Kooy omskryf as „het complex van religieus bepaalde normen, welke gelden voor het menseleven in al zijn aspecten" 119). Hoewel daar 'n eie ekonomiese normatiwiteit bestaan, moet die ekonomiese wetenskap ook ander norme in sy ondersoek betrek, bv. die xedelike, sosiale en historiese norme. Naas die genoemde „oorspronklike" normatiwiteit ontvang die ekonomie dus ook die taak om hoedster te wees van 'n „afgeleide", 'n meta-ekonomiese normatiwiteit 120). Later werk prof. van der Kooy die gedagte verder uit. Hy wys daarop dat in die moderne onderneming die neiging baie maklik ontstaan om die doelmatigheid van die handeling af te meet aan die geldelike opbrengs; die winsmaksimalisasie word dan as ekonomiese norm gesien. Dit is egter ten onregte, want selfs in die onderneming is die grootste geldelike bate nog lank nie altyd die enigste rigsnoer nie. By die ekonomiese beslissinge weeg ons wel die verwagte nut af wat uit vermeerdering van geldbesit ontstaan; maar **ook** die nut wat ontstaan uit meer vrye tyd, hoëre sosiale aansien, groter sedelike voldoening, gemak, veiligheid ens. word afgeweeg teen die offer wat gebring moet word en wat behalwe vermindering van geldbesit ook vermeerdering van arbeidsinspanning, vermindering van vrye tyd, uitstel van behoeftebevrediging wat nie in ooreenstemming met God se gebod is nie, ens. kan bevat.

Prof. van der Kooy werp ook meer lig op wat as bevredigingsmiddele („ends") gesien moet word en wat in ons motiewe betrek moet word. Hy sê dat wanneer daar in die ekonomie gepraat word van skaars goedere waarmee ekonomies gehandel moet word, bedoel ons in die eerste plek stoflike goedere wat die menslike behoeftes kan bevredig; verder ook nie-stoflike goedere wat in die produksieproses benut kan word, met name arbeidsprestasies of dienste. Al die goedere het 'n bepaalde **ekonomiese** waarde, omdat hulle skaars is in verhouding tot die behoeftes. Van gewetensrus, sosiale respek ens. sê ons dat hulle 'n **oneindige** waarde het, sodat hulle, as meta-ekonomiese goedere, nie in die kosteberekening opgeneem kan word nie. Dit is wel waar, maar ons moet besef dat by die menslike handeling die **kombinasie** van ekonomiese en meta-ekonomiese goedere gewoonlik voorkom. Al skakel ons in gedagte die meta-ekonomiese goedere by die berekening uit, as pro-memorie-poste moet dit bly staan, wil die ekonomiese beslissinge verantwoord wees. Immers, hoe lig anders sou die ekonomiese handeling asosiaal, immoreel, onregverdig of kultuurvyandig wees. By die ekonomiese keuse speel die sosiale, sedelike, juridiese e.a. beslissinge steeds 'n onmiddellike rol. Dit blyk reeds duidelik uit die **doelsy** van die ekonomiese beslissing waar dit gaan om die **keuse** tussen 'n veelheid van doeleindes 122). Alle moontlike doeleindes, sonder

uitsondering, kan doel van die ekonomiese handeling wees. **Om die rede wil Weststrate en die voorstanders van die suiwer-wetenskaplike siening van die ekonomie nie die kenmerk van die ekonomiese handeling in die doel van die handeling sien nie.** Weststrate sê daarom: „Wanneer het kenmerk van het economisch handelen niet te vinden is in het **doel** ervan, moet het wel zitten in die **wijze** ervan. **Het economisch handelen is een bepaalde** wijze van handelen" 123). Hieruit volg: „welke doeleinden men zich stelt, is onverschillig" 124). Teen hierdie opvatting moet ons standpunt inneem. Volgens ons opvatting is die doelmatigheid van die ekonomiese handeling 'n sinledige begrip wanneer dit nie gerig is op die kompleks van doeleindes nie (hoogstens sou ons kan praat van tegniese doelmatigheid). Die kompleks van doeleindes omvat nie alleen die instandhouding van die persoonlike lewe lewe in fisieke en psigiese opsig van die handelende mens nie, maar ook die instandhouding van die maatskappy as geheel, met inagneming van die eise wat 'n gesonde samelewing stel, asook die ontplooiing van die sedelike, die regsorde en van die kultuur . Hoewel die ekonomiese beslissing dus aan sy eie norm moet beantwoord, nl. die doelmatige beheer van die skaars middele, word dit ook die ontmoetingspunt van 'n groot aantal ander norme waarmee rekening gehou moet word, met name die sosiale, sedelike, juridiese en kultuurnorme 125).

Op hierdie belangrike punt aangekom moet ons, om ons saak duidelik te stel, kortliks nagaan hoedat die ekonomiese wetenskap teenoor die gekompliseerdheid van die werklikheid stelling ingeneem het. Drieërlei standpunte verdien hier ons aandag, t.w.:

(a) Die eerste wil die wette van die maatskappy—en ook die van die ekonomiese—agterhaal deur empiriese ondersoek, deur waarneming van reëlmatighede wat in die werklikheid voorkom. Die suiwer historiese metode het gelei tot die opeenhoping van 'n geweldige hoeveelheid feitemateriaal maar daar is nie in geslaag om 'n groot mate van reëlmatigheid te ontdek nie. Ondanks die spreekwoord: die geskiedenis herhaal homself, moes telkens weer gekonstateer word dat die sosiale verskynsels hulle in die geskiedenis nooit noukeurig herhaal nie. Geen wonder dat die eensydige toepassing van die historiese (induktiewe) metode dikwels gelei het tot die opvatting dat daar geen sosiale of ekonomiese reëlmatigheid bestaan nie, maar alleen histories verklaarbare instellinge en regsvoorskritte, wat die mens na willekeur kan vorm en vervorm.

(b) Die tweede standpunt, bekend in die ekonomie as die klassieke standpunt, gaan uit van die by die mens aangewese grondbegrippe soos be-

hoefte, waarde, prys, koste, inkome, en gebruik dan die begrippe as aanknopingspunte vir deduktiewe redenering ter ontdekking van die kousale relasies en interdependente samehang, wat nie deur regstreekse waarneming vasgestel kan word nie. Die teoretiese metode kan inderdaad lei tot belangrike insigte in die ekonomiese wetmatigheid, maar die klassieke toepassing het mank gegaan aan die onjuiste standpunt: die strewe na maksimale **geldopbrengs** (en eie belang) is gesien as dryfkrag en rigsnoer van die ekonomiese handeling. Vanuit die sentrale motief is wel belangrike lig gewerp op allerlei vorme van samehang, maar die aldus afgeleide wette kry ten onregte 'n te belangrike plek; immers, dit is beskou as riglyne vir die handeling waarvan die opvolging met onverbiddelike noodsaak moes geskied. Waar die historiese standpunt dus gelei het tot die ontkenning van die ekonomiese wetmatigheid en in volslae willekeur geëindig het, het die klassiek-teoretiese standpunt vasgeloop in die fatale oorskatting van wetmatigheid en in 'n diktatuur van die winsmotief.

(c) Die derde standpunt, die van die moderne ekonomiese teorie , wil die foute van dié vorige twee standpunte vermy. Hierdie teorie maak gebruik van empiriese deduksie, met behulp waarvan 'n grondige analise van die gedrag van die ekonomiese subjekte deurgevoer word. Daarby word konsekwent geabstraheer van alle nie-ekonomiese elemente en bymengsels in die gehanteerde begrippe, wat gelei het tot die oorboordwerping van die sentrale ekonomiese motief en van die ekonomiese prinsipe, asook tot die formulering van ekonomiese stellinge wat alleen geld vir 'n reeks van veronderstelde gevalle en dus die karakter van riglyne vir die handelende mens ten enemale mis. Daarnaas bestudeer die moderne ekonomiese wetenskap 'n veelheid van histories-statistiese materiaal waaruit nuwe probleemstellinge afgelei word en wat op hulle beurt weer aanleiding gee tot die konstrueer van nuwe teoretiese stellinge. Op hierdie wyse kom die ekonomie tot die formulering van uitsprake nopens die gevolge van bepaalde verskynsels of handelinge, **maar** wat nooit die karakter van die aangee van riglyne dra nie; immers, so word gemeen dat die mens sy lewe mag inrig soos hy wil. Daar word in die ekonomie dus gewys op die spesifiek-ekonomiese samehang van die verskynsels (die bestaande), maar oor die instellinge en regsvoorskrifte matig die moderne ekonomie hom geen oordeel aan nie 126).

Die vraag is nou: mag ons as beoefenaars van die ekonomiese wetenskap wat die Christelike geloof bely met die modern-teoretiese metode saamgaan? Helaas moet my antwoord lui: beslis nie! Die moderne ekonomie wys uitdruklik elke verantwoordelikheid vir die manier waarop die mense hulle lewe wil inrig, af. Die ekonoom, so word geleer, het nie die roeping

om leiding te gee aan die lewe nie. Die wetenskap wat die ekonoom beoefen, het slegs 'n nederige dienende funksie. Die ekonomie is slegs die diensmaag in die huis van die wetenskappe. Heel beskeie waag sy soms die opmerking dat 'n bepaalde beslissing „ceteris paribus" bepaalde ekonomiese gevolge sal hê. Die ekonomie ontleed die waardekalkulasie in die vrye ruilverkeersmaatskappy, in die sentraal-geleide volkshuishouding of by alle soorte van kombinasies van vrye ruilverkeer en sentrale leiding, met 'n volkome onbewoë gemoed. Slegs die gevolge van 'n maatskapelike orde vir die ekonomiese proses interesseer die ekonomie; nie die gevolge van 'n maatskaplike stelsel vir die samelewing, die regsorde, die kultuur, die sedelikheid nie. Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat daar ander wetenskappe is wat hierop moet let. Wanneer daardie wetenskappe, bewus of onbewus, behoefte het aan insig in die ekonomiese gevolge van bepaalde voorstelle, kan die ekonomie hom daarmee besig hou, **maar** sonder om 'n eie standpunt in te neem.

Met hierdie opvatting oor die taak en funksie van die ekonoom kan ons as Christene nie ons instemming betuig nie. Prof. van der Kooy wys in sy Interfacultêre College (1951) op die verantwoordelikheid wat op die ekonoom rus vir die lotsbepaling van die samelewing ,waar die belange van die mensheid op die spel staan 127). Die ekonomiese beslissing moet gesien word as 'n ontmoetingspunt van die ekonomiese norm (wat voortvloei uit 'n Goddelike opdrag), met 'n groot aantal meta-ekonomiese norme: t.w. die van die uitbou van kultuur en samelewing, van sedelikheid en regsorde. Ook die norme roep tot gehoorsaamheid en verwerkliking. Elke wetenskap moet uitgaan van, en opstyg tot die totaliteitsvisie, d.i. 'n visie op 'n hoëre werklikheid waarin alle norme saamkom in een brandpunt. Slegs vanuit die hooggeleë punt is die hiërargie van norme en doeleindes te verstaan. Die ekonomie wat in normloosheid beoefen word, het geen stuur en geen houvas nie. Prof. van der Kooy spreek dan ook myns insiens tereg die mening uit dat dit vandag die dringendste noodsaaklikheid is dat die ekonomie so beoefen moet word dat dit in staat sal wees om sy verantwoordelikheid teenoor die maatskappy en samelewing, kultuur en sedelikheid te dra. Want al die prakties-ekonomiese vraagstukke roep in die eerste plek om riglyne, om norme en eers daarna om teoretiese stellinge in algebraise berekeninge 128).

Ten besluite moet ons probeer om 'n ander definisie as die van Robbins, wat vandag deur byna elke student as die juiste aangehaal word, te gee. Myns insiens is die definisie van R. T. Bye meer in ooreenstemming met ons Christelike siening van die aard en omvang van die ekonomie. Sy definisie lui

as volg: „**Economics is that branch of learning which deals with the social organization and processes by which scarce means of production are directed toward the satisfaction of human wants**". 129) Die rede waarom die definisie voorkeur geniet is:

(i) die ekonomie word gesien as 'n „branch of learning" eerder dan 'n wetenskap—'n term wat reeds erflik belas is met allerhande wanbegrippe—en terselfdertyd open dit die moontlikheid om die etiese en toegepaste ekonomie in die „branch of learning" in te sluit.

(ii) dit beklemtoon die sosiale karakter van die ekonomie;

(iii) dit voorkom Robbins se fout om die ekonomie te beperk tot alternatiewe aanwendinge; tog beklemtoon dit die fundamentele probleem van die ekonomie, nl. die aanwending van die skaars middele ter bevrediging van die menslike behoeftes;

(iv) deurdat daar nie gespesifiseer word dat die doeleindes („ends") as gegewe aangeneem word nie, sluit die definisie van Bye die moontlikheid van 'n studie van die „ends" self in;

(v) die verwysing na die „social organization and process" in die definisie omvat genoeg om historiese, statistiese en beskrywende studies van sosiale institusies sowel as die analitiese generalisasies van die neo-Klassici in te sluit;

(vi) ten slotte plaas die begrip „human wants" die **menslike persoonlikheid** op die voorgrond. En deur die menslike persoonlikheid op die voorte plaas, aldus prof. Diepenhorst, kan in die verklaring van die menslike verskynsels die ontleding van die mens se dryfvere en wilsuitinge in die ekonomiese bedrywighede nie gemis word nie, en sal die invloed van die lewensbeskouing hom daarby sterk openbaar. Aangesien dit **verantwoordelike mense** is wat goedere ruil, verbruik en verdeel, hou die ekonomiese wetenskap, by aanvaarding van die antroposentriese standpunt, hom nie slegs met kwantiteitsbeskouinge besig nie. Die opvatting omtrent die wese, die doel en die bestemming van die mens speel hier 'n oorheersende rol, en gevolglik moet die ontwikkeling van die goedereleer tot die wetenskap van menslike welvaartstrewe lei tot 'n sterker beheersing van die wetenskaplike beoefening van die ekonomie deur die prinsipiële standpunt van die ondersoeker 130). Gods Woord leer dat die mens in sonde ontvang en gebore is, maar nogtans, as beelddraers van God met eer en heerlikheid bekroon, heers oor die werk van Gods hande en daartoe geroep is om die skepping tot dié heil van die mens en tot Gods eer te vervolmaak. Na ons oortuiging moet die Christelike beskouing die ekonomiese **handelinge** en **denke** deurtrek.

Diepenhorst wys ten slotte op treffende wyse in hierdie verband daarop dat die oproep om 'n ekonomie na Christelike belydenis nie gesien moet word as 'n gril om by splinterige metodologiese en terminologiese kwessies 'n geforseerde eie geluid te laat hoor nie, maar dat dit opkom uit die **noodsaak** om die beginsels wat in Gods Woord neergelê is tot rigsnoer te neem by die groot vraagstukke van die ekonomiese lewe. Op diebasis van die geloof in God as Skepper en Onderhouer van die wêreld moet die ekonomie verder ontsluit word. Ons ekonomiese fakulteit het hier dan ook 'n belangrike taak om te vervul. Ek wil dan ook met die bede eindig dat ons Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys mag groei en bloei!

Hooggeagte Here Raadslede van Die P.U. vir C.H.O.,–van die geleentheid wil ek graag gebruik maak om u te bedank vir die vertroue wat u in my gestel het toe u my aan die Universiteit benoem het. Die deur u by die benoeming uitgesproke wens dat ek by die vervulling van die amp Gods genade en krag in 'n ruime mate mag ondervind, is ook my bede. Die P.U. vir C.H.O. het ook wat die **ekonomie** betref 'n besondere taak in 'n wêreld wat besonder skepties staan teenoor die Christelike beoefening van die wetenskap. Ek sal al my kragte wy aan die nuwe taak en hoop dat ek ook in die amp wat ek nou aanvaar, u nie sal teleurstel nie.

Hooggeleerde Rektor, Here Professore, Dames en Here Lektore—

Ook aan u wil ek my dank betuig dat u my bevordering by die Raad aanbeveel het. Ek ag dit 'n besondere voorreg om onder u, hooggeleerde prof. dr. J. C. van Rooy te mag werk. U onwrikbare geloof in die saak van die Christelike wetenskap het nog altyd vir my as 'n aansporing gedien.

Ek stel my voor dat die offisiële aanvaarding van die amp van hoogleraar vir elkeen wat in daardie geleentheid gestel word 'n groot en belangrike moment is. Dit geld des te meer wanneer die benoemde dosent opgeneem word in die kring van die fakulteit waar hy die grootste gedeelte van sy eksamens afgelê het. Ook teenoor u, die lede van die fakulteit van die ekonomiese wetenskappe wil ek hier verklaar dat ek alles sal doen om die vertroue wat u in my gestel het deur my benoeming aan te beveel, nie te beskaam nie.

Die vreugde van hierdie dag word vir my egter getemper deurdat ek nie my hooggeagte leermeester, raadgewer en vriend meer aantref onder diegene tot wie ek tans my bedankings rig nie. Die werk wat aan my opgedra is het sy grote en wetenskaplike belangstelling geniet; die invloed wat van sy kolleges uitgegaan het was van die grootste belang vir my akademiese vorming. Die geleerde, die warm voelende mens wat ons op so 'n betreklike jeugdige leeftyd ontneem is, gedenk ek hiermee in weemoed.

My Ouers—

Nou dat my opneming in die Universitêre kring op die oomblik plegtig beseël word, wil ek hier melding maak van twee dinge wat u in die ouerlike huis steeds beklemtoon het ,nl. studiesin en liefde vir God en sy Gebod. Dat u nog albei gespaar gebly het om die plegtigheid vandag persoonlik te mag bywoon is vir my 'n rede tot opregte blydskap.

Dames en Here Studente, in besonder van die Ekonomiese Fakulteit—

Ek is daarvan bewus dat die studie in die ekonomiese wetenskappe in die algemeen moeilik is en baie van die beoefenare vereis. Maar bo en behalwe wat nodig is om 'n goeie insig te verkry in die huidige problematiek van ons wetenskap is daar nog die taak om die verband tussen geloof en wetenskap, meer in besonder tussen geloof en ekonomiese wetenskap, die voorwerp van ons studie te laat wees.

Dit is my taak om u daarby behulpsaam te wees en dit verheug my om dit te kan doen. Dit is nog nie so lank gelede dat ek nog self in die posisie van student verkeer het nie en om die rede hoop ek om des te gemakliker die kontak met u te kan onderhou. Ek wil hier dan ook die hoop uitspreek dat daar uit u talle sal opstaan wat die Christelike wetenskap, ook op ekonomiese gebied, tot verdere ontwikkeling sal help bring. Wanneer die Evangelie die lamp vir ons voet en die lig op ons pad is moet dit ons geluk om ook in ons wetenskaplike arbeid tot meerdere eer van God en tot heil van ons naaste werksaam te wees.

Ek het gesê.